

Winkel
winkel
Winkel

'N VERHOOGSTUK
IN ELF EPISODES DEUR
ANDRÉ P. BRINK
MET APOLOGIE AAN
WILLIAM SHAKESPEARE

Die Kammiel Kabel

'n Verhoogstuk
in elf episodes
deur
André P. Brink
(met apologie aan
William
Shakespeare)

BUREN-UITGEWERS
Kaapstad 1971

**Uitgegee deur Buren-Uitgewers (Edms) Bpk
Posbus 673, Kaapstad
Kopiereg 1971 André P. Brink
Gelitografeer deur Keartland Press (Pty) Ltd
Denver, Johannesburg**

Alle regte voorbehou. Dit is 'n oortreding van die kopieregwet om enige afskrifte van die teks te maak, of om sonder skriftelike verlov die stuk op te voer of as spellesing aan te bied. Opvoerrege kan aangevra word van DALRO (die Dramatiese, Artistieke en Literêre Regte Organisasie), Posbus 9292, Johannesburg.

Vooraf

KINKELS INNIE KABEL was uit die staanspoor 'n groeps-onderneming. Op 'n aand in Januarie 1970 het François Swart en Mannie Manim en Carel Trichardt en ek gaan sit om 'n openingstuk vir TRUK se nuut gestigte jeuggroep te prakseer. Die idee om COMEDY OF ERRORS as uitgangspunt te gebruik, was Carel s'n. Daarby is ek aangesê om party van Shakespeare se karakters uit te skakel ten einde die stuk by die beskikbare spelers aan te pas. Belaaï met opdragte, wenke, voorstelle, dreigemente en goeie wense is ek huis toe gestuur, met drie weke grasia om die stuk te lewer.

Met vrese en bewing het ek voor die tikmasjien gaan sit om die eerste komedie van my dag des lewens aan te durf en sonder enige benul van wat op die wit papier gaan gebeur. Skielik, vroeg op bladsy twee, het 'n vonk êrens losgespat. Twee dae later was die voltooide manuskrip op pad Pretoria toe.

Carel en sy groep het aan die werk gespring. Daar was nie tyd om nuwe musiek vir die liedjies te laat komponeer nie, daarom is besluit om by die bekende ou Kaapse deuntjies te bly. Op Carel se versoek het ek 'n paar stukkies bygeskryf, die groep het nuwe sêgoed ingewerk, 'n paar oorgange is geskaaf om by die verhoogontwerp aan te pas; en op 15 April 1970 is die stuk die eerste keer in die Breytenbach-skouburg, Pretoria opgevoer. Die stel en kostuums is ontwerp deur Patricia Slavin, choreografie is versorg deur Erroll Ross, en musiekafrigting deur Marie Koeleman. Die rolverdeling was soos volg:

SOLLIE	Erroll Ross
AIKÔNA	Paul Eilers
APOOLS-VAN-DIE-PÊREL	George Ballot
DROMMEL-VAN-DIE-PÊREL	François Stemmet
APOOLS-VAN-DIE-KAAP	Frantz Dobrowsky
DROMMEL-VAN-DIE-KAAP	Abri le Roux

MAGIEL
KNIPPIE
ADRIANA
LUCY
JESSIE
EMILY

Nigel Vermaas
Price Coetzee
Janice Honeyman
Lynette Marais
Marie Koeleman

Nie een van ons het mooi gewet watter reaksie om van daardie eerste aand se gehoor te verwag nie; wat wel gebeur het – en wat aand vir aand daarná herhaal is – het alle denkbare verwagtinge oortref. Die atmosfeer van die eerste opvoering is vertolk in dr. Louis Eksteen se bespreking in *Hoofstad* (16.4.70):

„Die karnaval kom in sy kleurryke en ritmiese optog deur die gehoor, tussen die mense deur, en maak hulle een met hierdie vrolike bende; aan die einde kom die klopse weer terug deur hulle mense, 'n triomftog met kitaar en banjo wat die helder ritme aangee en ná 'n laaste uitgang stadig wegsterf, gedra deur die uitbundige gejuig van toneelgangers wat weer en weer klap en skree, deel soos nog nooit tevore nie van wat toneel geword het by die grasia van . . . dramatiese vormgewing, heerlik ongebonde spel en skitterende, op die klok af presies berekende regie.”

In die loop van die jaar is KINKELS altesame tagtig keer in die Transvaal, Vrystaat en Natal aangebied, en die merkwaardige sukses daarvan is in baie hoë mate te danke aan Carel Trichardt se vindingrykheid en sy spelers se heerlike geesdrif. (In 1971 het Robert Mohr se produksie in die Kaapse Kleintheater dieselfde soort ontvangs geniet.) Die spontane reaksie van sowel blanke as bruin gehore het aangedui dat die stuk se bedoeling reg vertolk is: dat ons nie die Karnaval uit die hoogte wou uitbuit as folkloristiese aardigheid nie, maar dat ons dit wou gebruik as blye en betekenisvolle volksbesit – 'n hart wat nog spesifiek in die geledere van bruin-Afrikaners klop, maar 'n hart waarin alle Suid-Afrikaners hulle self kan herken sodra die regte

situasie geskep word (in die teater, byvoorbeeld) waar hulle tydelik kan vergeet van kunsmatige verdelinge wat deur wette en regulasies van bo op die volk afgedwing word.

Uitgaande van ons oorspronklike besluit om die stuk se verwysings aktueel te hou, het die groep voortdurend nuwe sêgoed ingewerk om by te bly met heersende nuus in die koerante. Soms het ek 'n telegram van Carel ontvang, of 'n telefoonoproep in die vroeë oggendure: „Stuur dringend kwinkslae.” Dié het die groep dan herkou en gebruik of verander of verwerk of verwerp. Heelparty ander het uit hul eie geledere voortgekom. Die verkiesings van April en Oktober, die Hertzogparty, vliegtuigskakings, skandaalstories uit *Dagbreek*, die Marendaz-affêre, die All Blacktoer, die Mejuffrou Wêreld-kompetisie . . . alles het mettertyd deur die stuk getrek.

Nou moes KINKELS uiteindelik vir publikasie hersien word, en vir dié doel keer ek hoofsaaklik terug na my oorspronklike teks, maar hersien in die lig van verhoogpraktik. Shakespeare vorm nog die stramien waarop situasies en dialoog geweef is, maar die vorm bly vry en spontaan. Omdat 'n gepubliseerde teks minder efemeer is as 'n verhoogopvoering, is die meeste van die komende en gaande aktuele verwysings hiervoor uitgesny: die veronderstelling is dat enige groep wat die stuk voortaan opvoer, self weer verwysings sal invoeg waar en soos dit pas, ten einde dit 'n polsende, speelse kommentaar op ons land se werklikhede te hou.

'n Paar van die vondse wat uit die TRUK-groep voortgekom het, behou ek met graagte. Dit sluit veral in: die verwysing na die fauna en flora; die twee reëls: „Die panel-beating moet nou end kry”, en „Elke beleid het sy limit”; enkele woordspelings soos die „New Year's Revolution”; en bowenal die hippie-borduursel wat Nigel Vermaas tot die rol van Magiel bygedra het. Rykie van Reenen se kommentaar oor waterblommetjebredie het ook nou deel van die teks geword.

Twee van TRUK se suksestonele is drasties gesnoei: dit is Knippie se towery (waarvan net die reëls oor die „count-down” behou is), en die kerktoneel met die twee „naughty-naughty”-priesters: ten spyte van die groot bekoring van dié gedeeltes in die opvoering, het hulle m.i. te ver afgedwaal van die Klopsemilieu en daarmee die klugtige effens uit verband geruk.

Die taal is nie oral foneties „Kaaps” geskryf nie, omdat dit die leeswerk sou bemoeilik. Om ritmiese en ander oorwegings is daar ook nie konsekwensie in die spelling van sekere vorme nie. Hierdie teks is eerstens ingestel op die oog: uitgaande daarvan sal ’n regisseur wel self weet hoe en waar om te „djy” en te „djou” en te „gie” en te „loep”.

KINKELS INNIE KABEL word in sy gepubliseerde vorm met baie dankbaarheid en toegeneentheid opgedra aan Carel Trichardt en sy groep.

DIE SKRYWER

Januarie 1971

Persone

SOLLIE	groepleier van die Klopse
AIKÔNA	roomysverkoper van Johannesburg
APOOLS-VAN-DIE-PÊREL	besoeker in die Kaap
DROMMEL-VAN-DIE-PÊREL	sy boesemvriend
APOOLS-VAN-DIE-KAAP	klopdanser, tweelingbroer van die ander APOOLS
DROMMEL-VAN-DIE-KAAP	sy boesemvriend, tweelingbroer van die ander DROMMEL
MAGIEL	'n hippie-klops
KNIPPIE	'n Slams
ADRIANA	vrou van APOOLS VAN DIE KAAP
LUCY	haar ongetroude suster
JESSIE	'n loslyf girl
EMILY	'n sekteleidster, AIKÔNA se verlore vrou.
LEDE VAN DIE KLOPSEGROEP	

Toneel

Witbaai, 'n vissersdorpie naby Kaapstad. Dit is Nuwejaarsdag en die Klopse is besig met oefen vir die volgende dag se karnaval in die stad.

Die toneelinkleding is nie realisties nie: 'n paar skuite, nette ens. behoort voldoende te wees; en dit is wenslik dat die episodes vryelik in mekaar oorloop.

As 'n pouse nodig geag word, kan dit tussen Episodes 6 en 7 val.



Een

Die strand by Witbaai. Die Klopse is aan die oefen: 'n uitbundige toneel van dans en sing („Djannewarie, Fewerwarie, March, April, May . . .”, „Daar kom die Alabama . . .”); alles geskied onder SOLLIE se energieke leiding. Uit die deurmekaar rumoer laat hy hulle mettertyd die song van die Karnaval aanhef:

SOLLIE. Instem, manne, instem. Vat die noot, hou hom.
(*Gee die noot.*)

ALMAL (*sing*). Hei jou jollie mix-up
Van 'n tweede Niewejaar!

Opskud, laagvat, pick-up,
Die fynkos word al gaar!

SOLLIE (*roep*). Wegskoffel, neerverel:
Nog 'n dop, my pël!

ALMAL (*sing*). Hei jou merrie gomtor
Van 'n tweede Nuwejaar!

Ytkap in Sodom, skud hom in Gomôr,
Die haaipolvaai is daar!

SOLLIE. Knippie, nee-a! Nie daar staat soes 'n hennetjie wat
knô op die sidewalk nie. Uit met die noot!

MAGIEL. Hy's in sy bôl gepik.

ADRIANA. Moenie neuk met Knippie nie, hy toor vi' jou.

SOLLIE. Knippie se knip is uit. Kom, manne, sing hom.

Môre vat ons bënd die first prize innie Kaap. Hei, jou
leкке' Sydoos! Môre is die Kaap ons s'n. No worries.

Magiel, jy met jou oepe Bybelkop: sing, man, sing! (*Hulle
sing weer.*) Jis! Vandag brand hierie son 'n man da'em
dyke in. Waar's vanmôre se reëntjie nou?

KNIPPIE. Jy ken mos 'n môrereëntjie. Soes 'n ouvrou se
leкке'kry: hy kom gou, ma' hy's gou weer verby.

AIKÔNA (*kom op met sy penswinkeltjie*): Lekke' lollies,
ice-lollies! 'n Suigie vir die nádors, 'n lekkie vir die vóór-

dors! Ice-lollies! Julle met die yt tanne: julle syg mos
lekker! Ice-lollies!

(*Hulle koop roomys.*)

SOLLIE (*aan AIKÔNA*). Ma' jou bakkies ken ek mos nie.
Wie's jy?

AIKÔNA. Aikôna.

SOLLIE. Ek sê wie's jy?

AIKÔNA. Aikôna.

ADRIANA. Moenie met Sollie sukkel nie, hy draai jou nek by
jou stytjie af.

LUCY. Jy's wee' stytig, Adriana.

SOLLIE (*dreigend*). Ek sê wie's jy?

AIKÔNA. En ek sê Aikôna!

SOLLIE. Jy met jou gevriet soes 'n olifant se tepel: ek draai
jou slurpie vir jou af. Wat's jou naam, vra ek, vir die
laaste maal, or forever hold your peace.

AIKÔNA. My naam is Aikôna.

SOLLIE. Van dié naam ken ek nie.

AIKÔNA. Nei, ma' ek issie van dié kontrei nie. Ek het van
Jo'burg af gekom om lollies te verkoop oor Krismis en
Niewejaar.

SOLLIE. Van Jo'burg af en jy loep hie' so los rond tussen ons?
Vat hom, boys! (*AIKÔNA word vasgevat.*) Wiet jy nie ons het
'n trade ban op Jo'burg nie? Julle sal ons ammal kom
vergewe met julle binnelandse lollies. Innie Kaap syg ons
Kaapse lollies, hê' jy my gehoor?

AIKÔNA. Wag nou, wag nou, moet 'ie 'n man kom sta' ver-
ongeluk nie. My hart is so Kaaps soes joune. Ek het ma'
net verlang, ek wou net wee' kom kyk met Twiede Niewe-
jaar en so, no offence. 'n Man verlang mos, bless my soul.

SOLLIE. O, jy wou kom Twiede Niewejaar kyk? Maar Twiede
Niewejaar is môre innie Kaap, nie vandag in Witbaai nie.
Hier op Witbaai sit 'n stranger nie sy lang pote nie.
Dis top secret. Twixt thy seditious countrymen and us,
It hath in solemn synods been decreed to admit no traffic
to our adverse towns.

AIKÔNA. Hè??

SOLLIE. Solemn synods, de lot. Dissie wet vannie Klopse. Anners kom spaai 'n iedereen hie' op ons en môre loep 'n anne' bênd met die beke' weg.

AIKÔNA. Ma' ek kom nie spaai nie. Ek verkoop net lollies. Ek traai om bietjie in te wies oppie spôrts.

SOLLIE. Ons het 'n bèn op mixed spôrts.

AIKÔNA. Ma' ek issie gemix 'ie. Ek is pure Coloured. Ek kan my stamboem trugvat tot by die Vrybûghers ennie Hugenate.

SOLLIE. Jy kom van Jo'burg af en ons is Kaaps: no mixed sports. Sit een Jo'burger in 'n Klopsebênd en next year it's a flood. There is a time and tide in the affairs of men . . .

ADRIANA. Jis, ou Sollie ken sy Bybel. Kyk hoe skrik daai Jo'burger.

AIKÔNA. Julle het my baie ge-offend vandag. 'n Ou Kape-naar soes ek. Lat my dan ma' loep. Dissie fêrplie nie, man.

SOLLIE. Waste gelat-ma'-loep is dit met jou? Hê' jy nie respek vir die law nie?

AIKÔNA. Ek siet g'n law hier nie.

SOLLIE. Die man wat hie' sê hy's die law, hy's die law: en ek is die law, so shaddap. Ons Klopse se law sê: as jy 'n vreemdeling of 'n vee in jou poorte kry, dan dop jy hom yt. (AIKÔNA gaap hom aan.) Jy dop hom yt, sê ek. Jy konfiskyt alles wat hy by hom het. So nie, moet jy tien rand faain vi' ons bênd betaal.

AIKÔNA. Wa' moet ek tien rand kry? Dis krimineel.

SOILLIE. Nou goed, dan dop ons jou. (*Hulle sak op AIKÔNA toe en strop alles van hom af: sy penswinkeltjie en al sy klere: hy behou net 'n lang rooi onderbroek.*) Nou kan jy skedêdel.

AIKÔNA. Have a heart. Hoe kan julle so maak met 'n Kristen?

SOLLIE. Ek dag jy sê jy kom van Jo'burg af?

AIKÔNA. Ma' ek is 'n Kristen, de Lord is my shepherd. Ek is opgebring in die vrees des aanskyns en ek sit elke

Donnerdag innie Kerk vannie Serafs ennie Cherubs.
SOLLIE. Loep klae dan by die Wêreldraad, nie by ons nie.
Die law is die law en ons dop jou.

AIKÔNA. Nakend het ek innie wêreld gekom en met 'n rooi
onne'broek gaat ek da' yt. Praise the Lord. Ma' ek sê nog
dissie die game om 'n man met 'n stukkende hart so weg
te ja nie.

SOLLIE. Wat se stukkende hart issit met jou? Gaan haal vi'
jou 'n nuwe by Groote Schuur.

AIKÔNA. Kyk my goed. Vrouloos, kindloos, stadloos,
broekloos.

SOLLIE. Vir wat is jy so troosloos?

AIKÔNA. Dis 'n dêm sêd storie.

ADRIANA. Oe, ek is mal oor sêd stories.

AIKÔNA. Ek sê julle mos ek was ok vroeër hier vannie Kaap.
Goed gelewe, alles. Getrou ook. En ons sou gelukkig
gewies het, was dit nie dat ons so ongelukkig was nie.
Ek had mos 'n jop op 'n treiler. Nag vir nag yt, en my
vrou werk bedags, siet mekaar skaars. Ma' toe kry sy
eendag rygryn en sy bly by die hys en nege mane late' –
tweelingtwins. A joyful mother of two goodly sons. Nou
sil jy my nie glo nie, ma' daai symste dag had onse bure
ok twins en die arme vrou vang sterfte, foeitog. En toe
loep sê iemand vir die pa – somme' vir 'ie spôrts – lat
die kinnars glad nie soes hy lyk 'ie en hy ruk 'n mes yt
en da' kom 'n fight en jis-jis word hy in sy watsiemie-
kolliet gestee en dis rest-in-peace met hom. En toe adopt
ek en my vrou ma' hulle twietjies ok.

SOLLIE. Wat het dit met jou unlawful immigration na die
Kaap te doen?

AIKÔNA. Jy sal sien. Die spannetjie raak toe opgeskote sien,
ons twietjies en die anne' twietjies, en op 'n dag naby
Krismis vat ek my family vir 'n outing op die treiler. All
hands on deck en daar gaat ons ennie branners dans soes 'n
jongvrou. Ma' toe – ek wiet nou nog 'ie mooi hoe nie –
toe's da' 'n storm en toe ons ons kom kry, toe skop ons

innie water. In dieptes gans verlore. Ma' ek en my family kry 'n stuk hout beet, sien, en ons klou. Freezing cold, man. Ek en my vrou ennie twins ennie anne' twins. Daar kom toe skyte om ons op te tel. Ma' ag, da' briek onse paal middeldeer en ek dryf diékant toe met een van my seuntjies en een vannie adopted outjies – en my vrou ennie anne' twee dryf daaikant toe. Halfdood. En toe ek weer sien, toe laai hulle ons in Durban af, tussen al daai foreigners en second-class citizens. Ek het ma' geldjies opgesave en naand in Jo'burg loop woon, met die economy boom en so. Ma' vyf jaar trug toe't my seun en sy optel-boetie weggetrek om die anne' te gaan soek wat die destiny van ons afgevat het. Ek mien, so 'n apartheid is mos 'ie 'n goeie ding nie. Anyway, toe bly ek met niks agter nie. Dis dié lat ek toe ma' vanjaar ok afkom Kaap toe: ek dag so: dalk converge ons nog ammal hier.

LUCY. Wat sê hy van 'n virgin?

ADRIANA. Converge! (*Neem haar suster af.*)

AIKÔNA. Converge ons ammal hier, sê ek. En kyk nou: nou's ek in my moer.

SOLLIE. Foeitog. Ek sal jou graag wil help, ma' die law is die law. (*Dink na.*) Ma' ek sal jou 'n kans gee. As jy vanaand voor sononner jou tien rand faain kan kollek, dan kan jy jou goed terugkry. Hoe's daai vir 'n reasonable price or nearest offer?

AIKÔNA. Hoe kry man tien rand in 'n rooi onnerbroek?

SOLLIE. Vat 'n traai, man. En sononner praat ons weer – op hierdie symste plek.

AIKÔNA. Dit procrastinate ma' net my sadness. (*Beteuterd af.*)

(*Die dansery hervat en in 'n jolige optog dans almal af.*)

Twée

Die toneel volg onmiddellik op die vorige. Terwyl die vrolike stoet afgaan, kom APOOLS-VAN-DIE-PÊREL en DROMMEL-VAN-DIE-PÊREL agter op.

APOOLS P. Aits, ma' die Kaapse boys is jollie, hè? Lyk bietjie anners as die Pêrel, of hoe?

DROMMEL P. Sjuut! Moenie so hard praat nie, Apools.

APOOLS P. Wat's die matter?

DROMMEL P. Jy moet 'ie vannie Pêrel praat hierso nie. Iemand kan vi' jou hoor. Jy weet as 'ie Kaapse manne hie' kom haaistep, dan is dit 'Keep out, by order, op las.' Ek het gehoor as hulle 'n stranger vastrap, dan dop hulle hom yt al sy klere yt en lat hom loep sos Adam innie Paradys. Of so nie moet hy tien rand faain betaal, net so, one-two, finish, kondêm.

APOOLS P. Tien rand? Wait a minute, Drommel. (*Haal geld uit sy sakke en uit albei sy skoene.*) Vat so. Dis als wat ek saamgebring het vannie Pêrel af –

DROMMEL P. Maar in jou skoene? !

APOOLS P. Vir 'ie skollies, man. Ek is mos 'ie 'n foel 'ie. Ma' as hulle 'n man yt jou klere yt dop – nee, hokaai, ek het te lank en te sorrowfully gesave aan dié geldjies vir 'ie Niewejaar.

DROMMEL P. Ma' wat moet ék nou daa'mee maak?

APOOLS P. Hol hier na onse losieshysie toe en ga' stiek dit da' in ons kamer weg waar niemand dit sal kry nie. Ma' mooi wegstiek, Drommel, hierie Kapenaars is 'n heidense spul. Jy sta' jou nog so en vergaap aan hulle, dan vat hulle die leste tand yt jou mond yt.

DROMMEL P. So erg?

APOOLS P. Nog erger. Hulle bring hulle Slamse toornaars en hulle tóór vi' jou.

DROMMEL (*baie benoud*). Dissie fêr nie, Apools. Dis jy wat ge-insist het, olliewhaail, lat ons allie pad vannie Pêrel af

moet kom om die Klopse te kom ytspaa, en nou praat jy van Slamse en goed. En dit so op 'n man se nugter maag, Apools. Jy laat my voel soos pergasië.

APOOLS P. Moenie worrie nie, Drommeltjie. Sien jy wat ek sien? (*Beduie na karnavalklere wat die dansers laat agterbly het.*) Kyk al daai fênsie klere. Ek sê jou: ons dres vi' ons op 'at ons nes die spul hier lyk, dan spaai ons hulle van binne af yt, so Hertzog-stryk. (*Gee klere aan.*) Vat so. Moenie vi' jou so harmansdrup hou nie, jy lyk soes opgewarmde dood. Trek aan. (*Begin self verkleë.*) Hiert, jou jollie bo'jaan! My eie ma sal nou vi' my Mister sê as sy my moet gadeslaan.

DROMMEL P. Oppas lat die Kapenaars ons nie trêp nie. As hulle ons hie' in hulle klere kry, dán sal jy sien wie se gade word geslaan. They'll burn our boats behind us.

APOOLS P. Jy hou weer jou bek wireless vandag. Maak aan, maak aan, lat jy ons geldjies gaan bêre, Drommel. Móói bêre, nie somme' bolanges nie. Maak aan, sie dat jy wegkom.

DROMMEL P. Hê-hê, jy sal 'n sight for sore eyes wies as ek rêrig maak dat ek wegkom met al dié geld in my gatsak!

APOOLS P. Moenie nog grappietjies maak nie, Drommel. Die plek lat klaar die koue rillings langs my spene afloop.

DROMMEL P. Nei, 'is da'em 'n bak plek oek, op sy manier. Het jy die girls hie' ytgekyk? Sulke fyn goetertjies, lank innie been en skraal innie boud. Net die plek vir 'n man soes ek.

APOOLS P. Dráf, Drommel, dráf. En wag somme' vi' my da' by die losieshysie, ek kom nou-nou agterna. Ek wil net eers die spulletjie hier so 'n bietjie doplê.

DROMMEL P. Maak ma' soes jy lekker kry. Daar's 'n girltjie innie losieshys wat ek bietjie wil optjek. Swiet klein kieliekoekie. (*Pronk-pronk af.*)

APOOLS P. „Maak ma' soes jy lekker kry”: lekker kry se annerding! Ek moes nooit yt die Pêrel yt padgegee het nie. Kyk al die jollie manne hier, kyk net. (*Die singery word*

hoorbaar.) En ek in my sadness all alone. Waar in dié norring kry ek my magoed en my boetie? Is hulle nog iewerster, of is dit lankal rest in peace? (*Hy sing:*)

“Boetie, my boetie, jou boetie soek vi’ jou!

Mammie, my mammie, jou weeskind soek vi’ jou!

My pa die sit in Jo’burg,

My ma sit innie Kaap:

En waar innie wye wêreld

Moet ek vannag gaan slaap?”

(*Deklameer melodramaties:*)

‘I to the world am like a drop of water

That in the ocean seeks another drop.’

(*Sing hartroerend:*)

‘My droppie lies inside the ocean,

My droppie lies inside the sea,

My droppie lies inside the ocean,

O bring back my droppie to me!

Droppie, o droppie, o bring back my droppie to me!’

(*Swaai skielik om as DROMMEL-VAN-DIE-KAAP agter hom opkom.*) Drommel! Wat de drommel! Wat se bekrypery is dit dié? Vir wat is jy so gou terug?

DROMMEL K. So gou? Sê liewerster so laat. Die hoenertjie brand aan, die speenvark val vannie spit af; en toe die horlosie twaalf slaat, toe slaat jou vrou my een oor die kop.

APOOLS P. My vrou??

DROMMEL K. Oor die kop, ja. Sy’s vuurwarm oor die kos koud is, en die kos is koud oor jy hier rond-idle, en jy idle hier rond oor jy jou vanoggend oorhoeks geëet het: ma’ ons wat brekfis geskiep, ons vrek vannie honger vir die Niewejaar se dinner.

APOOLS P. Moenie vi’ jou besimpeld hou nie. Waar’t jy die geld gebêre wat ek vi’ jou gegie het?

DROMMEL K. Die paar oulap van laaste wiek? Dié’t ek mos gaan afbetaal op ons skuldjies by Jessie se Oog, jy wiet mos.

APOOLS P. By wie se wat? Ek issie lus vi' spôrts nie, Drommel.
Waar's die geld? Ek het jou gesê die skollies loep hie' los
rond. Het jy die geld gebêre?

DROMMEL K. Bêre jy jou grappies. Jy ken jou vrou: sy's
omgeëllie. Kan jou maag nie vi' jou sê dis tyd vi' dinner
nie?

APOOLS P. Jy's orig en jy's glad nie snaaks nie. Open up,
open up, waar's daai banknote wat ek jou gegie het?

DROMMEL K. Banknote? Vi' my? Ek het so lank laaste geld
gesien, ek ken nie meer die difference tussen 'n noot en
die papiertjie wat ek gebryk as ek nood het nie.

APOOLS P. Jy laat my moer pomp, Drommel. Jy's gestúúr . . .

DROMMEL K. Ek sê mos ek is gestuur: jou vrou het my gestuur
dat jy kan kom eet. Sy en haar suster sit al so op 'n ry en
wag lat jy die tafel moet kom oepemaak.

APOOLS P. Ek sal vi' jóú hie' oep-en-toe laat weghol as jy
nie nou jou trieks stop nie.

DROMMEL K. Ma. jou vrou . . .

APOOLS P. Ma' my vrou, ma' my vrou, ma' my vrou! Wat
se vrou praat jy van?

DROMMEL K. Joune.

APOOLS P. Ek het 'ie 'n vrou op my naam nie.

DROMMEL K. Gekerk en gekombers, selle dag as ek.

APOOLS P. Vi' jou en jou vroumense ken ek, ja. Jy slaat mos
niks oor wat in jou pad kom nie: nes 'n kolhaas – en dié
ok ma' net oor hy te vinnig is. Ma' jy moenie vi' my kom
insliep by 'n unholy matrimony wa' van ek niks wiet 'ie!

DROMMEL K. Ma' jou vrou . . .

APOOLS P. (*verloor sy humeur*). Vat so! (*Klap DROMMEL K.*)
Nou blaas ek my top.

DROMMEL K. Ho, ho, ho, stadig nou, ho, sê ek!

(*APOOLS P. ransel hom af; DROMMEL K ruk eindelijk los en
hol weg.*)

APOOLS P. Potverdorie, jis! Al my geld . . . ! En wat se mal
praatjies is dit dié van 'n man wat nog allie jare my
boesem-pêl is? Ai, ai, ai, ek moes nooit gekom het nie,

newwer. Dis too' dery dié, heller oordag. Hulle sê mos
die Kaap se Slamse is bebodderde mense. Ai, ai, ai.
(*Gaan af terwyl hy mistroostig sing:*)

'My droppie lies inside the ocean,
My droppie lies inside the sea . . . '

Drie

Die huis van APOOLS-VAN-DIE-KAAP. Sy vrou ADRIANA en haar suster LUCY kom op.

ADRIANA. Nog g'n teken van Apools nie. Skoon gevanish. En Drommel wat hom kastig op die daad sou terugbring? Pfoei, skoonveld. Dit moet al amper twee-uur wees.

LUCY. Dalk eet hy saam met die Klopse.

ADRIANA. Drink, meer likely.

LUCY. Dis net eenmaal 'n jaar Niewejaar, Adriana. Be a sport. Apools is aljare een vannie voordansers en môre wil hulle daai koppie wen. Jy wiet hoeveel jare Sollie se bênd al vir 'ie kans wag. Wat maak dit saak as hy so bietjie laat is?

ADRIANA. Dissie sy laat wat my traak nie. Ma' twee-uur begin my storie oppie wireless en dit kan ek nie mis nie. Dis daai toothpaste-advertensie wat vi' my so mooi is. So true to life.

LUCY. Jou hele hys is al vol toothpaste en jy sonne' 'n tand in jou mond. It's indecent. Assie Publications Control Board jou moet sien, dan sensor hulle vi' jou net daar.

ADRIANA. Indecent!! Jy's 'n virgin, jy wiet nog niks.

LUCY. Ek wiet da'em dat 'n man bietjie meer losleisel moet hê as ons meisiemense.

ADRIANA. En vi' wat? Ek issie sy vloermat nie, Lucy, ek is sy awful bedded wife, for badder of for worse en ek sê jou dissie fair nie.

LUCY. Jy wiet daa's nothing situate under heaven's eye but hath his bound, in earth, in sea, in sky.

ADRIANA. Lyk my jy lyste' oek na Springbokradio.

LUCY. Kyk wa' jy wil: vis of voël of dier of ding, dis altyd die mannetjie baas ennie wyfietjie klaas. En ons vroumense, ons moet ons ma' skik, die man is lord en maste', en dis lekker so.

ADRIANA. Assit so danig lekker is, vi' wat loep jy nog los rond? Vi' wat is jy nie getroud nie?

LUCY. Ek vat nie wat voorkom nie, ek het my principles. En ek kan kies en keer.

ADRIANA. Is van al die keer lat jy al so lyk. Hoekom sit jy nie bietjie vet aan nie? Dis positively disgusting. Ma' ons sal weer praat as jy die dag sit wa' ek sit.

LUCY. Ek sal weet om onderdanig te wees. Ek is meer werd as krale. Sê Salomo.

ADRIANA. En sê nou jou man tel 'n anne' kraletjie laans 'ie pad op wat ok vi' hom begin te honour and obey as jy nie by is nie?

LUCY. Dan sal ek wag dat hy hys toe kom en eers sy storie ythoor voor ek hom invlie.

ADRIANA. Jy praat maklik. Nobody ever thinks of me. Hier moet ek sit en suffer en hy hang yt met elke jêmtert wat hy optel. Ma' nou suffer ek nie meer in silence nie. Vandag praat ek terug. Dis my New Year's Revolution.

LUCY. Hier kom Drommel mos nou terug. Jou man kannie meer so ver wies 'ie. Ag Adriana, as ek so 'n handsome man soes jy gehad het, dan sou ek gewiet het hoe om vi' hom te sôre. (DROMMEL-VAN-DIE-KAAP *op.*)

ADRIANA. En toe, waar's jou pêl?

DROMMEL K. Kyk hoe lyk ek. En dis als sy doings.

ADRIANA. Hê' jy met hom gepraat?

DROMMEL K. Ek het met hom gepraat en toe't hy met my gepraat en kyk hoe lyk ek van allie praat.

ADRIANA. Is hy op pad? Hy's nie baie haastig om sy vrou te please nie, lyk 'it my.

DROMMEL K. Jou man is stawelgek, met permissie gesê.

ADRIANA. Mý man stawelgek? Hou jou in, Errol Flynn!

DROMMEL K. Wat anners kan hy wies? Toe't ek vi' hom sê hy moet hys toe kom, toe sê hy ek het 'n spul geld van hom gesteel. 'Dis tyd vi' dinner,' sê ek vi' hom. 'Gee my geld,' sê hy. 'Jou kos brand aan,' sê ek. 'Gee my geld,' sê hy. 'Sie-jy hys toe kom!' sê ek. 'Gee my geld,' sê hy.

„Ma' jou vrou . . . ,’ sê ek. „Te hel met my vrou!’ . . .

LUCY. Sê wie?

DROMMEL K. Sê Apools.

ADRIANA. „Te hel . . . ’?

DROMMEL K. . . . met my vrou,’ sê hy. Onnesbraait. Hy sê hy wiet van g'n vrou nie, hy wiet van g'n hys nie, hy wiet van g'n niks nie. En toe ek aanhou, kyk wat maak hy toe!
(*Beduie na sy verrinneweerde klere.*)

ADRIANA. Jy gaan nou oppie daad terug en bring hom hys toe. Hy's weer gedrink.

DROMMEL K. Ek terug? Om wee' geslat te word?

ADRIANA (*klap hom*). Loep haal hom, sê ek.

DROMMEL K. Dis da'em nou te erg. Ek hom hier en jy klap my. Ek kom by hom, en hy dons my op. Ek kom wee' hier en jy klap my weer. Nou protest ek. Nou betoog ek. Ek gaan vi' my 'n Black Sesh koop.

ADRIANA. Ek draai jou nek in jou eie sesh af as jy nie nou oppie daad vi' Apools gaan haal nie. (*Sy kom dreigend nader; hy vlug af.*)

LUCY. Sie, ma' jy's omgesukkel, hè?

ADRIANA. Hy kan ma' lekkie' ytlê met sy pêle en ek moet hie' sit. En môre met die Carnival issit weer so, al deur die Kaap, soen hier, gryp daar, hoer-en-rumoer, en ek? Hy swenk da' rond soes 'n ding op 'n dreskas en ek moet hie' sit soes 'n ding onne' die bed. Da' was 'n tyd toe al die Kaapse manne om my gedraai het. Wie van hulle ken my nou nog? Ma' hy? – hy kan ma' jol!

LUCY. Dissie geel derdywel wat jou beet het, skei yt.

ADRIANA. Skei yt, ja, skei yt, maklik gesê, jy't nog 'ie 'n strop om jou nek nie. Unfeeling fools can with such wrongs dispense, ma' ék het feelings, ek laat nie trap op my nie. Hoe lank blo' hy my nou al daai chaintjie vi' môre se Carnival – en waar bly dit? Sal dit nooit sien nie.

LUCY. Daai wat?

ADRIANA. So 'n ketting-chaintjie, hier vir om my nek, hang tot hier. Vir my dress met die sequences wat ek môre wou

aantrek, met so 'n pienk corset hier oppie skouer. (*Beduie na waar sy die skouerruiker sal vassteek.*) Ma' daa'van het hy natierlik nou als vergiet. What's in a promise? Hy's nes 'n motorbaaik assit by promises kom. As jy my vra, het hy lankal daai chaintjie vi' ien van sy anne' dollies gegie. Dis hoe die mans is, Lucy, ek ken hulle bo in en onne' yt. (*Ongeduldig.*) Vi' wat kom hy nie terug nie? Waar bly Drommel?

LUCY. Moenie so opgecharge raak 'ie. Hoekom lyste' jy nie solank jou storie nie?

ADRIANA. My storie! (*Kyk op haar horlosie.*) Ag, good gracious, dis klaar te laat.

LUCY. Dis nog net vyf minute oor die tyd.

ADRIANA. Ma' die toothpaste-advertensie is ve'by. Now he's ruined my day. Nou ga 'ek ok nie iet 'ie. Ek sal weg-smelt tot da' net 'n nat kolletjie van my oorbly, then he'll be sorry, that'll learn him. (*Vasberade.*) Kom ons gaan soek hom. Nou kom hy terug, lewendig of dood. (*Albei af.*)

Vier

Op 'n oop plein naby die strand. APOOLS-VAN-DIE-PÊREL kom ingedagte op.

APOOLS P. Nou's ek skoon deurmekaar in my kop. Daar lê al my geld onne' die matras gebêre nes ek vi' Drommel gesê het, ennie landlady sê hy's yt om my te gaan soek. Sy sê ek kon hom nog so nooit as te nimmer vaneffe hier gesien het nie. As dit hulle idee van fun and games is, dan issit nie myne nie. (*Gewaar DROMMEL-VAN-DIE-PÊREL wat naderkom.*) A, hier's jy weer, hê? En voel jy nog so jollie soos netnou? Wil jy wee' kom spôrts maak? My vrou het jou mos kwansuis gestuur dat ek moet kom dinne' iet, nè? En jy't mos nooit 'n dooie duit by my gekry nie! Hê' jy 'n kinkel in jou kabel dat jy my sukke bekonkelde antwoorde gegie het?

DROMMEL P. Wat makeer jou nou? Wa'van praat jy?

APOOLS P. Van g'n halfuur gelede nie, toe jy jou so befoeter gehou het.

DROMMEL P. Ma' ek het jou met g'n oeg gesien van ek van jou af weg is losieshys toe nie.

APOOLS P. Satanskind! Jy't gedenaai dat ek jou geld gegie het en een stryk deur bly praat oor 'n vrou en hoeners en speenvark en goed.

DROMMEL P. Lyk my die Klopse het jou opgejollie. Merrie Krismis en 'n heppie New Year! Wat se grappies is dit nou?

APOOLS P. Koggel jy my? Jy soek my, Drommel, jy sal my kry! (*Takel hom.*)

DROMMEL P. Hokaai, moenounie. 'n Accident is baie gou. Die Kaap is te vol mooi koekies, ek willie nou al hie' afmarch na die graveyard toe nie. Watch hulle, watch hulle. (*Kyk in die rigting waar die Klopse se musiek weer nader kom.*) Aits! (*Hef self 'n doplied aan:*)

'Ek drink liever bietjie wyn as baie water,

Ek speel liewer met 'n jong nooi as 'n ou kater!

Hopla! (*Voer 'n paar passies uit.*) Askoek! (*Die Klopse kom op en sing en dans oor die toneel. As hulle af is, bly APOOLS P en DROMMEL P weer allenig agter.*)

APOOLS P. Jy moet hulle doplê, Drommel. Doplê. Mooi onthou wat jy sien, vi' ons eie Pêrelse bênd. Dis hoekom ons hier is. Nie om twakstories te verkoop oor vroumense en varke wat aanbrand nie.

DROMMEL P. Maar ek . . .

APOOLS P. Wie wink daar vi' jou?

DROMMEL P. Waar?

APOOLS P (*beduie*). Dáár.

DROMMEL P. Sie! Tjek net daai paar heupies! (*ADRIANA en LUCY op.*)

APOOLS P. Kom ons ga' ma' hoor wat hulle wil hê. Ma' bly yt die sônne yt.

DROMMEL P (*aan die vroue*). Dagsê, dagsê, soet-innie-bek, spiertjie-verrek! Jisja!

ADRIANA. Sie-jy syntoe staan, orig! (*Kom verby die bek-af DROMMEL P. na APOOLS P.*) En jy? Het jy nie ore nie?

APOOLS P. Hè??

ADRIANA. Ek praat met jou.

APOOLS P (*kyk eers 'n slag om*). Met my?

ADRIANA. Met jou, ja, Apools!

APOOLS P. Met my, ja, Apools?

DROMMEL P (*aan APOOLS P*). Hoe lyk my jy't self 'n kat innie donker geknyp, Apoolsie? Jou ou skelm.

APOOLS P. Ek het g'n niks geknyp nie. Ek ken die vroumense nie.

ADRIANA. O, jy ken die vroumense nie?! Ja-nee, toe, hou jou ma' soe deur-die-mis, Apools. Draf natierlik weer jou bene slyt agter 'n anne' dollie aan, en ek tel nie meer nie. I am not Adriana, nor thy wife: sal jy seker wil sê!

APOOLS P. Wil sê, ja.

ADRIANA. Shaddap! (*Klap hom.*) Dis nou ek wat praat.

The time was once – of hê' jy vergiet? – toe jy jou lyf poet gehou het, toe jy gesweer het:

,That never words were music to thine ear,
That never object pleasing in thine eye,
That never touch well welcome to thy hand,
That never meat sweet-savour'd in thy taste,
Unless I spake, or look'd, or touch'd, or carv'd to thee.'

En nou, buffel, domoor, skorriemorrie, hoener-se-onderstel, maaifoedie, blikners, rondloopwillewragtig, dink jy miskien ek is uit jóú ribbebientjie gecarve? Dan maak jy 'n mistyk. (*Begin huil.*) Ag, Apools, jy kan mos 'ie so met my maak nie. Wat sal jy doen as ek agter jou rug met vreemde mans begin te consort en sukke jazz? Ek weet wat jy sal doen. Jy sal spoeg soes 'n baskelisk en my ytskel en my velle van my aftrek en hierdie wedding-ring van my vinger afpluk en dit fyn en flenters briek met 'n deep-divorcing vow, de lot. Ek ken jou. Jy sal soos 'n dywel te kere gaan. En nou wil jy hê ek moet ma' grin and bear it. Nee, Apools, man, ek lief jou mos, demmit. As jy my verneuk, dan trek daai verneuktheid in my in tot ek oek beneuks is, that makes two of us: nee, jy moenie vi' my kom strumpet met jou contagion nie. Ek vra jou mooi, be reasonable.

APOOLS P. Praat jy met my? Miesies, ek ken jou rêrig nie, ek is vreemd hier . . .

DROMMEL P (*waarsku haastig*). Sjuut!

APOOLS P. Ek bedoel: ek is baie bekend in hierdie kontrei, ma' ek verstaan nou wragtig nie wat jy alles praat nie – so opgemieks met die high-falutin' taal en al. Ek verstaan julle Kapenaars – ek bedoel: ons Kapenaars – ek bedoel . . .

LUCY. Apools! Is jy bedônnerd in jou kop om so met my bloedeie suster te praat?

APOOLS P. Ma' ek kén nie jou bloedeie suster nie.

LUCY. Kan jy haar innie oë kyk en sê sy's nie jou vrou nie?

APOOLS P. Ek kan, ja.

LUCY. Hier lê jy op straat agter die bênd rond en jy steur jou nie daaraan as sy vi' Drommel stuur om jou te kom roep vi' dinner nie, en nou's haar storie en haar toothpaste en alles ok daa'mee hien: sies!

ADRIANA. Ja. My toothpaste ook. Sê vi' hom.

APOOLS P. Vi' Drommel gestuur?

DROMMEL P. Vir my?!

ADRIANA. Vir jou met jou gesig soes 'n wyfie-eend se sitplek. En toe kom jy terug met die storie van hoe hy jou kamtig geslat het en gesê het hy wil niks wiet van vrou en hys nie.

APOOLS P. Drommel, het jy met hierdie vrou gepraat?

DROMMEL P. Ek het g'n woord met haar gepraat nie en dit lyk my so likely ek wil ok nie.

APOOLS P. Nou lieg jy mos! Jy't 'n halfuur gelede nog vir my da' oppie strand die simpel message kom gie wat sy gestuur het.

DROMMEL P. Apools, dis nie oor dit of dat nie, maar 'n lieg is 'n lieg en waarheid is waarheid, so watch out.

APOOLS P. En waar kom sy miskien aan ons name? Of is dit too' dery?

ADRIANA. Jy's glad nie snaaks nie, Apools. Moenie my hier in 'n public plek kom goedkoop maak 'ie, ek sal jou wragtig vi' contempt laat vang. After all, ek is jou vrou, Apools. Ek verdien da'em beter van jou, ek het jou nog nooit gefyl nie. Ek maak jou klere, ek maak jou kos: elke koekie 'n meeste'stuk, elke stekie 'n liefdesdaad.

APOOLS P. Het daai Slams vannie Klopse my getoor? Het ek in 'n droom met die vroumens getrou? Of droom ek nou? Dalk issit sy wat getik is... (*Tersy aan DROMMEL P.*) Drommel, ons moenie hier innie publiek 'n scene sta' maak nie: nou-nou kom die dieners hie' aan. Ek dink ons moet liewerster ma' saamspeel tot ons wiet wat die metter is, anne's beland ons nog in 'n liederlike mess voor die dag yt is.

DROMMEL P. Dis waar. Dis klaar 'n mess soes dit is, as jy my vra.

LUCY. Drommel, draf jy nou dadelik hys toe en sê hulle moet solank opskep.

DROMMEL P. Hys toe?

LUCY. Daar oppie hoek, man: jis, is jy nog blind ok?

DROMMEL (*by homself*). Moet ma' soe maak. Dis 'n spul toornaars dié. As ek resist, dan toor hulle my nog lat ek soes 'n driebeenboerbok lyk.

LUCY. Wat brom jy so? Maak aan!

DROMMEL P. Ek dink ek is getoor, Apools. Lyk ek vi' jou anners?

APOOLS P. Jy lyk nog nes jy gelyk het.

DROMMEL P. Nee, ek sweer ek lyk soes 'n driebeenboerbok.

APOOLS P. Ek sê mos jy lyk nos nes altyd.

ADRIANA (*tussenbeide*). Dis nou genoeg van julle high-jinks. Nou gaan ons iet. Gee my jou arm, my man. Support my. En jy, Drommel: jy kom saam en hou wag by die deur dat niemand ons kom pla nie: noudat ek hom hét, nou los ek hom nie somme' weer nie. As Sollie hom kom soek vir die bênd, dan kan hy wag.

APOOLS P. Is ek nou innie hemel, of oppie aarde, of innie waters onne' die aarde?

DROMMEL P (*fluister*). Moet ons saamgaan?

LUCY. Maak aan, maak aan! Dis al hoe lank ve'by dinner-tyd. En dit op New Year's Day.

ADRIANA. En my toothpaste ook in sy maai. (*Almal af.*)

Vyf

Voor die huis van APOOLS-VAN-DIE-KAAP. Binne is die middagmaal nog aan die gang. Buite verskyn APOOLS-VAN-DIE-KAAP en 'n paar Klopse, met SOLLIE op die voorpunt. SOLLIE. Nog 'n slaggie! 'Tenshun! March! 'Eff, aai! 'Eff, aai! (Hulle marsjeer met kaperjolle.) En 'n sônkie. (Hy hef aan en algaande val die ander by hom in:)

,Dis vinkel en koljanne',
Die een is sos die anne' –
Haal af jou hoed, sit op jou grin,
Dis tyd dat die jolliegeit begin:
Sit hom in en haal hom yt.
Hiert jou lekkie' mosbeskyt!
Dis alkant selfkant, ollie sym,
Lekke' spring en lekkie' wyn,
Hiert jou olie-en-asyn!
Want . . . !
Dis'vinkel en koljanne',
Die een is sos die anne',
Links is regs en regs is links,
Ait, jou Kaapse klong is slinks:
Dis vinkel en koljanne',
Die een is sos die anne' . . . !'

APOOLS K. Ho, Sollie, ho! Kyk wa' sit daai sonnetjie. Brand mens lat jy sos krismiskoek lyk. Eers bietjie rus, eers bietjie eet, nê, Sollie? My naweltjie skawe al teen my ruggraat van hongerte. O.K. with you?

SOLLIE. Dis g'n honger daai nie, dis pure bang vi' jou vrou. Ek ken vi' jou, Apools. Jy sit nét so onne' daai dympie van haar.

APOOLS K. Ek sit onder g'n niemand se dym nie. Ma' ek is honger, en ons is nou by my hys, en my vrou kán stroppie raak, so vir wat nou moeilikheid soek?

SOLLIE. O.K., boys, ons gaan ok ma' ietsie in die dermpies pak. Lekke' eet, lekker' dop, en see you later. (*Hy gaan af; die ander Klopse volg, en net APOOLS K bly agter.*)

APOOLS K (*aan MAGIEL, net as dié op die agterpunt wil afgaan*). Magiel! Ek sê: Magiel!

MAGIEL. Tenshun! (*Salueer harlekynigerig.*)

APOOLS K. Magiel, jy't nie vergiet van daai chain wat ek jou gevra het om saam te bring vannie Kaap af nie?

MAGIEL. Newwer. Ek het hom gebring. Hy's by my bonnetjie goed da' annerkant die dyne.

APOOLS K. Jy't hom nie hier by jou nie?

MAGIEL. Nei, ek sê mos. Hoekom? Wil jy nou vasmaak, is jy bang jy loep weg?

APOOLS K. Nee, ek het jou mos gesê: dis vi' Adriana, dis vi' my vrou. Ek het haar daai chain geblo vir môre se Carnival. En ek dag toe net as jy dit dalk hier by jou het, dan kan ek dit somme' nou al vir haar gie – om so bietjie te atone en te appease. Jy weet Adriana kan difficult raak.

MAGIEL (*wil afgaan*). Nee, sorrie. Ma' jy kan hom vanmiddag kry. All yours, en 'n very precious chain too, as jy my vra. Oppie Parade gekoop, bietjie discount, 'n mooi ding.

APOOLS K (*hou hom teë*). Wa-wa-wag, moenie 'n ou pël nou somme' soe innie stiek laat nie. Ons maak eers 'n dampie. (*Haal 'n paar stompies uit.*)

MAGIEL (*wil afgaan*). Nee, ek is honger. Jy's mossie bang vi' jou vrou nie?

APOOLS K. Wie praat van bang? Net een ou zolletjie, Magiel. Just to compose my thoughts.

MAGIEL. There's no way, man. So long. (*Wil afgaan.*)

APOOLS K. Lyste', hoekom kom iet jy nie saam met my nie? Adriana ken van kook, al jou favourite dishes. Kom saam.

MAGIEL. Soetpatats?

APOOLS K. Soetpatats, seejellie, mossels, spienvark, chicken, wate'blommetjebredie, noem ma' op.

MAGIEL. Nou't ek jou ytgevang. Wate'blommetjies met Niewejaar? Newwer.

APOOLS K. Kom jy dan yt Noag se Ark yt? Nog nooit gehoo' van 'n deepfreeze nie?

MAGIEL. Sock it to me, baby.

APOOLS K (*hou hom eers teë*). Ja, ma' lyster nou eers mooi. As ons inkom, dan sê jy vi' Adriana ons het bietjie gelinger da' by jou plek om af te spreek oor die chain. Sê vi' haar dis oor die chain lat ons laat is. (*Hulle wil net aanstap voordeur toe as DROMMEL-VAN-DIE-KAAP daar aangeslenter kom.*) Hei! En waar malinge jy? Ek dag jy sit al lank en iet al, want ek siet jou nêrens.

DROMMEL K. Jy's nog innie moed vi' grappies, nè? Nà jy al my appetite yt my ytgedons het.

APOOLS K. Ek? Ek het jou ure laaste met 'n oog gesien.

DROMMEL K. Apoolsie, Apoolsie, kry jy nie skaam nie? Daar's 'n oog daarboe wat vi' jou watch. Hy spaai jou uit. Jy gaat nog brand innie hel hieroor.

APOOLS K. Wat issit nou met jou?

DROMMEL K. Nou hou jy jou all smiles. En 'n halfuur gelede—so by my jis!

APOOLS K. Wat van 'n halfuur gelede?

DROMMEL K. Toe kom roep ek jou vi' dinner en jy sê jy wiet niks van dinner en vrou en hys af nie en jy hou aan neuk oor 'n spul geld wat jy my gegie het en jy hou jou crazy en jy vat my aan en kyk hoe lyk ek! Ma' ek sal nog jou pous vi' jou drop. Oppas!

APOOLS K. Magiel, verstaan jy 'n woord van wat die man sê?

MAGIEL. Jy's op 'n trip, Drommel. Dis wat dit is. Apools was nog die hele môre saam met my by Sollie se bênd, en jy bly ma' weg soes 'n man met 'n paternity-soet op hom.

APOOLS K. Wa' wás jy, so by the way? Heelmôre innie Oog, as jy my vra. Jy's getrek, Drommel, jy's gekoring, jy's deur 'ie blare, daar's bloed in jou vaaljapie.

DROMMEL K. Kerrie on, kerrie on. Nou wil jy sieke' vi' my sê jy't my nié geslaat nie? As hierdie vel van my papier was en jou houe was ink, dan kon jy nou hie' in jou eie hendwring gesien het wat ek van jou dink.

APOOLS K. Mounounie hier oppie hitte vannie dag sta' stry nie. Hê-jy nie lus vir soetpatats en mossels en spien-vark en chicken en seejellie nie, Drommel?

MAGIEL. En wate'blommetjebredie met Niewejaar, stryt yt die Ark se deepfreeze yt?

DROMMEL K. Waar?

APOOLS K. Hier binne oppie tafel mos, al laid on.

DROMMEL K. Toe ek jou 'n halfuur gelede da'van gesê het, toe sê jy ek lieg.

APOOLS K. Moenie weer begin nie, Drommel. Kom ons gaan iet. Magiel, loop jy voor. En onthou om haar te sê vannie chain.

MAGIEL. Nee, loop jy voor.

APOOLS K. Drommel, loop jy. Jy ken die pad.

DROMMEL K. Dis jou vrou.

MAGIEL. Dis jou pêd.

APOOLS K (*loop benoud vooruit en vat aan die deur*). Dis geslyt. Wat se nuwe ding is dit dié?

MAGIEL. Jou woman is uptight.

APOOLS K. Magiel, o wragtig, jy moenie vandag daai chain vergiet nie. (*Klop aan die deur: geen antwoord nie.*) Drommel, wat maak ons nou?

DROMMEL K (*roep terwyl hy klop*). Katie, Irene, Doris, Susan, Wendy, Leentjie, maak oepe!

DROMMEL P (*binne*). Voertsek! Wat se plek dink jy issit dié dat jy net vroumensname roep? Seekaffer!

DROMMEL K. Maak oepe, satang! Ons is moeg en honger en ons vrek vannie warmte.

DROMMEL P (*binne*). Loep koel af innie see. Ek het orders gekry om hierie deur toe te hou. En op hierie mal plek vat ek nie 'n kans nie.

APOOLS K. Maak oepe of ons breek 'ie deur af!

DROMMEL P (*binne*): Wie's jy wat vi' jou so kokkie hou?
 APOOLS K. Apools.
 DROMMEL P (*binne*). Jy lieg.
 APOOLS K. Wie's jy om vi' my te sê ek lieg?
 DROMMEL P (*binne*). What's in a name? My naam is
 Drommel en stop nou jou getjommel.
 DROMMEL K. Jy moenie vi' jou astant hou met ons saam nie.
 Dis diefstal en naamskending om my naam so af te vat.
 (*Meer bedeesd.*) En vi' wat sou enigiemand my naam
 wou vat? (*Roep na binne.*) Jou dom-onnosel ghwar!
 LUCY (*binne*). Wat se kommosie is dit hier? Wie's daarbyte?
 APOOLS K. Lucy, issit jy?
 LUCY (*binne*). Natierlik issit ek.
 APOOLS K. Nou maak dan oepe lat ons ka' inkom.
 LUCY (*binne*). Hoeveel onse op jou pond?
 APOOLS K. My vrou wag vi' my!
 LUCY (*binne*). Nou hoekom gaan jy dan nie na haar toe nie?
 APOOLS K. My - vrou - wag - vi' - my!!!
 LUCY (*binne*). Ek sê mos: as sy vi' jou wag, maak aan lat
 jy by jou hys kom. Moenie hier met anne' vrouens kom
 lol nie!
 APOOLS K. Ek warn jou, Lucy: ek breek vandag hie' in. En
 dan sal jy 'n sorry sight wies.
 LUCY (*binne*). How thrilling! (*Skree.*) Adriana, hulle ga'
 die deur afbreek en ons ammal kom ryp!
 ADRIANA (*binne*). Kan mens nie eers meer in vrede eet nie?
 Eers my toothpaste, nou wee' dié merrie-go-round. Wie's
 daarbyte?
 LUCY (*binne*). 'n Spul malmense.
 APOOLS K. Adriana, maak oepe!
 ADRIANA (*binne*). En vi' wat sal ek oepmaak?
 APOOLS K. Moenie kwaad wies vi' my nie. Ek blo' jou dis vi'
 jou eie ontwil lat ek laat is. Ag please tog, my syke'bekkie,
 my heuningvoëltjie, my pietersieletjie.
 ADRIANA (*binne*). Smaak my dis iemand vannie fauna
 ennie flora.

APOOLS K. Maak oepe vir die man wat jy liefhet, Adriana!
ADRIANA (*binne*). Die man wat ek liefhet, is hie' binne by my.

APOOLS K (*skrik sy as af*). Issie waar nie, Adriana!

ADRIANA (*binne*). Ons sit iet mossels en soetpatats en wate' – blommetjebredie en spienvark en chicken. En ná iete gaan ons slaap en ons willie gehinne' word nie, so voert met jou, vullis!

APOOLS K (*verdwaas*). Ná iete . . . ?!

ADRIANA (*binne*). Jy't my gehoor. Yt yt my yt.

DROMMEL P (*binne*). Ja toe, ek het mos lankal gesê: voertsek!

APOOLS K. So wragtig, nou't ek genoeg gesuffer. Drommel, loep haal vi' ons 'n koevoet lat ons 'n gat in hierie deur breek.

DROMMEL P (*binne*): Breek jy hierie deur, dan breek ek jou nek.

APOOLS K. Vandag maak ek alles flenters voor my. Die man wat sy liefhet . . . ! Spienvark en chicken! ,Ná iete gaan ons slaap en ons willie gehinne' word nie!' Dis een te veel vi' vleis en bloed. Vi' so iets het ek jou nooit cause gegie nie, Adriana! Sit hie' oepe en bloet voor my twee oë en flirt met anne' mans en dit vir niks! O ek sal vi' jou bykom, ek sal vi' jou breek . . . ag, my syke'bekkie, my darling, my dollie . . . ! (*Begin ruk en pluk aan die deur.*)

MAGIEL. Cool it, Apoolsie, cool it. Make love not war.

APOOLS K. Wys jy vi' my hoe maak mens love deur 'n toe deur! Hie' staat ek en da'binne sit sy en wate'blommetjies iet met haar nuwe fênsie.

MAGIEL. Ma' lyster nou, man. Have patience. Jy's 'n man met 'n good reputation, moenie dit nou sta' spoil nie. Jy ken mos jou vrou beter as dit. Hoeveel jare is julle nou getroud? Her sober virtue, years and modesty is alles aan haar kant. Wag dat jy eers meer vannie saak wiet voor jy so uptight raak.

APOOLS K. Ma' jy't self gehoor . . .

MAGIEL. Met vroumense moet jy nooit dadelik glo wat jy hoor nie. Ek ken hulle, is dié lat ek nooit getrou het nie. Play it cool, man. As jy nou hie' inbriek, sien die hele wêreld jou en dan's jy ammal se laughing-stock. Wag liewerste tot dit donker word vanaand, lat niemand jou ytspaaï nie. Dan't sy oek dalk afgekoel en dan kan niemand julle slander nie.

APOOLS K. Nou goed. Kom ons gaan iet anne'plek. Daar by Jessie se Oog. Net so! Net so! (*Al meer meesmuilend.*) Ek ga' my revenge kry. Magiel: draf jy gou-gou na jou plekkie toe en bring vi' my daai chain.

MAGIEL. All of a sudden it's make with the chain!

APOOLS K. Hê-hê! Kyk, daai Jessie by die Oog is 'n lus vir die oog. Pretty and witty, 'n lekké willekat, ma' gentle da'by. Adriana het my al oftentimes beskillig – piere verniet, ek is onskillig. Ma' as my eie vrou my dan nie wil kos gie nie, dan gaat ek Jessie se fynkossies proe. Soetpatats en langnammies, snortoffie en sykerbrood! En ek ga' daai chain vi' haar gie, net om Adriana te spait.

MAGIEL. Ma' dis 'n duur chain, Apools, discount included, om somme' so loshand yt te deel.

APOOLS K. So my jest shall cost me some expense: so what?! (*Hulle gaan af.*)

Ses

Steeds voor die huis van APOOLS-VAN-DIE-KAAP, onmiddellik ná die vorige toneel. LUCY en APOOLS-VAN-DIE-PÊREL kom by die voordeur uit.

LUCY. Dissie fair dat ek my suster se cause by jou moet sta' pleit soes in 'n koort nie, Apools! Jy het nie mooi gemaak met Adriana saam nie.

APOOLS P. Ek het my beste maniertjies ytgehaal. Ek kon nie help dat die dêm vark oppie vloer geval het nie.

LUCY. Ek praat nie van jou maniere nie, al was dit shocking genoeg. Jy wat altyd so mooi can carve! Ek wiet 'ie wat oor jou gekom het 'nie. Maar dis niks. Ek praat van jou attitude.

APOOLS P. Wat is fout met my attitude? Al my knope is toe.

LUCY. Jy vra nog! 'n Man wat 'n vrou liefhet, maak nie so met haar nie. Jy kon da'em ma' ná ete 'n bietjie met haar saam gaan lê het. Sê my regyt, Apools: het jy dan nie vi' Adriana lief nie?

APOOLS P. Natierlik het ek nie vi' Adriana lief nie.

LUCY. Wat se wind of change het dan oor jou liefde gewaai?

APOOLS P. Glad niks het gechange nie. Ek het haar nog nooit vantevore liefgehad nie, vi' wat sou ek haar nou liefhê?

LUCY. Ma' dan't jy haar mos net gevat oor haar hys!

APOOLS P. Ek het haar nog nooit gevat nie.

LUCY. Ma' al wassit oor die hys, Apools, even so kon jy da'em bietjie meer tenderness wys. Al lief jy haar nie rêrig nie, máák dan ma' soe: 'n vrou se hart hou van sukke klein dingetjies. 'n Soentjie hier, 'n drukkies daar, dis toggies so veel gevra nie. Sy sal val da'voor, ons arme vroumense is ma' soe: it is not love that matters, but the token thereof. Though others have the arm, show us the sleeve, dan's alles reg. Toe, Apools, al is dit net vi' my: gaan terug na haar toe en troos haar so bietjie.

APOOLS P. Daai kwaai fieks?!

LUCY. Net so bietjie cuddle, jy wiet mos hoe, dan's sy 'n anne' mens. Dis tog nou te warm om byte rond te neuk.

APOOLS P. Kyk, ek wiet 'ie wat jou besiel om so met my te praat nie. Daai vrou da'binne – van haar wil ek niks wiet 'ie. Ma' met jou waai die wind reg. Sê my: wat's jou naam?

LUCY. Apools! Wat is dit dan vandag met jou? Jy ken vi' my al net so lank as vi' Adriana.

APOOLS P. Ek wiet ek ken jou net so lank as vi' haar. Dis dié dat ek vra wat jou naam is.

LUCY (*pruilend*). Nou moet jy met arme Lucy ok nog die foel kom spiel. Jy moet 'ie so maak nie, Apools. Jy wiet ek het 'n soft spot vi' jou . . . haai, wat sê ek nou? Moenie verder praat nie, dis erg genoeg soes dit is. En ek nog 'n virgin boenop – soe op my manier.

APOOLS P. Lucy. Is 'n mooi naam. Soet oppie tong, glad oppie hart. Kyk, Lucy, ek issie 'n man wat rondneuk met vroumense nie. Ek het 'n sedness in my en ek ken nie my pad met die ways of the world nie. Ma' ek smaak jou. Verstaan jy? Ek smaak jou. Ek is nog 'ie geslyp 'ie, ek sit vol foute, en ek is feeble en shallow en weak. Ma' as jy my help, sal ek 'n beter man word. Sê my net hoekom jy in sukke kinkels praat, ek kop jou nie. Is jy 'n too'naar? Ek wiet daa's allerhande fensie goed hier innie Kaap waar ek niks van wiet 'ie. Ma' as jy 'n too'naar is, maak my niet, maak my anners. Vat my net weg van daai treurwilger da'binne.

LUCY. Ma' is jy nou mal, Apools?

APOOLS P. Nie mal nie, Lucy, net lief vi' jou. Kan jy nie sien nie? Gat-oor-kop.

LUCY. Ma' jy mag nie soe praat nie! It is a fault that springeth from your eye. .

APOOLS P. Van piere kyk na jou.

LUCY. Kyk wa' jy moet, nie wa' jy nie moet 'ie.

APOOLS P. Nei, da'voor het ek nie die moed nie, my bokkie.

LUCY. Vi' wie sê jy bokkie? My suster is jou bokkie, nie ek nie.

APOOLS P. Jou suster se suster is my bokkie, niemand anners nie.

LUCY. Dis da'em te hard op 'n meisie se hart.

APOOLS P. Dis te hard op myne dat jy so hard to get speel. Jy's my fynkos, my fortyn, my hoop, my boksemdais of goedies.

LUCY. Alles wat my suster moet wies.

APOOLS P. Boggher jou suster. Ek praat met jóú! Jy't g'n man nie, ek wil jou hê. (*Omhels haar.*)

LUCY (*verskrik*). Apools, los my, wat sal die mense sê?

APOOLS P. Wat sal jy sê, is al wat tel.

LUCY. As jy my wil ryp, Apools, dan moet jy gou maak. (*Staan 'n oomblik teatraal afwagend.*)

(DROMMEL-VAN-DIE-PÊREL *kom halsoorkop by die huis se deur uitgevlug.*)

APOOLS P. Voert met jou, Drommel!

LUCY. Help, ryp! (*Vlug die huis binne.*)

DROMMEL P. Help my, Apools. Help! (*Klap die deur toe en bly daarteen staan.*)

APOOLS P. Nou't jy alles opgedônner, Drommel. Wat issit met jou?

DROMMEL P. 'n Vroumens, man. Daai verskriklike vet affêring wat saam met ons saam aan tatel was. Wat's haar naam? – Galsteen, Galblaas – iets.

APOOLS P. Galathea.

DROMMEL P. Sy lat my gal afgaan. Toe julle gesit en iet het, toe sta' ek mos by die voordeur ommie manne van Sodom yt te hou. En toe julle klaar is en ék naand wil gaan iet, toe dam sy my by met haar rolle spek en haar bonnels vet, lat ek skaars kan asem kry. En sy sê – Apools, sy sê sy's my vrou!

APOOLS P. Jou vrou?

DROMMEL P. Nes daai Adriana met jou gemaak het. Jis!

Apools, kyk my goed. Kyk my. Sê my stryt: is ek Drommel? Is ek jou pêl? Is ek ék?

APOOLS P. Jy's Drommel, ja. Jy's my pêl. Jy lyk soos jy.

DROMMEL P. Yt vir 'n duck. Ek issie Drommel nie, ek is iemand anners, ek is 'n spoek, ek is byte weste.

APOOLS P. Ma' wat issit dan?

DROMMEL P. Ek sê jou mos: daai vrieslike vet vrou, daai Galding. Jy't mos gesien hoe lyk sy. Toe'k haar sien, toe dag ek eers ek kyk dubbel. Ek sweer as sy tot Doomsday bly lewe, dan sal sy 'n wiek lange' brand assie res vannie wêreld.

APOOLS P. Dit kan nie rêrig so erg wies 'ie.

DROMMEL P. Jy wiet mos ek is 'n man vir 'ie skraletjies, lat man soe kan kitaar tokkel oppie ribbetjies en doedelsak oppie . . .

APOOLS P. Oppas, hulle sal vi' jou sensor, Drommel.

DROMMEL P. Is troe. Gie my die dunnetjies, nie dié wannelende sirkusse nie. Ek sweer, Apoools, Noag se hele vloed sal nodig wies om al daai knoppe en berge en dale toe te kry as sy die slag wil bad.

APOOLS P. Jy sê sy's dik?

DROMMEL P. Sy's so breed soes wat sy lank is. Koeëlronde, sos 'n berg van 'n mosbol. Sy's 'n . . . sy's 'n . . . sy's 'n aardbol, man, met pole en vastelanne en lanne en eilanne. Daa's plek virrie hele wêreld in daai bol van haar.

APOOLS P. Vi' Rusland oek?

DROMMEL P. Sjoor. Rusland sit in haar gesig, sy's so bloedrooi.

APOOLS P. En Spanje?

DROMMEL P. Spanje had ek nie gesien nie, ma' jy kan hom ryk in ha' asem.

APOOLS P. Engeland?

DROMMEL P. (*beduie oor sy bors*). Die white cliffs of Dover.

APOOLS P. En Amerika?

DROMMEL P. Net hier. (*Tik op sy maag.*) Mens kan sien dit het te vinnig ontwikkel.

APOOLS P. En Indië?

DROMMEL P. Op haar neus: dissie ene karbonkels sos robyne en precious jewels.

APOOLS P. En Holland?

DROMMEL P. Nei, so laag het ek 'ie gekyk 'ie. Ma' ek sweer jou: dis serious. As ek nie betyds losgeruk het nie, dan was ek nou oorle' Drommel. Ma' dit worrie my, Apools, dit worrie my. Dis nie ma' net van sê dat sy gesê het ek is ha' man nie: sy't dit geproef.

APOOLS P. Hoe meen jy nou geproef?

DROMMEL P. Sy't my vertel van elke secret kolletjie op my lyf. Van daai vratjie op my regtervoet se middeltoon. En van daai geboortevlekkie op my maag. En van die moesie op my linke'boud. En van . . . (*Bedink hom.*) Ek sê jou sy's 'n too'naar, ek het my as afgeskrik.

APOOLS P. Dis nou die limit, Drommel. Hier's dywels los innie Kaapse Peninsula van Kaappunt tot by Sir Lowry's Pass en omgewing. Ons moes innie Pêrel gebly het. Ons moes nooit padgegee het van Pagoed in Jo'burg nie. Dis tyd dat ons 'n Kaapse draai gooi terug Pêrel toe.

DROMMEL P. Ok so, ok so. Ek sal somme' nou gaan kyk of daar nie dalkies 'n bus vroeërig innie middag is nie.

APOOLS P. Dis hom. Gaan soek vi' ons daai bus, Drommel.

DROMMEL P. Solank ek net van daai vroumens kan wegkom! (*Af.*)

APOOLS P. Die vroumense hier is getoor, dis nou ma' wors. Arme Drommel. En arme ek met daai Adriana. (*Nadenkend.*) Ma' daai Lucy, ai! (*Soen sy vingers.*) Gentle sovereign grace. Ma' wie wiet, dalk het sy ok 'n klap vannie meul weg. Dalk issit ma' bieter dat ons padgie.

MAGIEL (*op, met die ketting*). Hei, Apools!

APOOLS P. Hè? Ja, dis reg, dis my naam.

MAGIEL. Ek wiet, ja. Wat sta' jy dan nog hier? Ek dag jy's lankal by die Oog.

APOOLS P. Hè-hè, die Oog wat ammal hie' op Witbaai sien! Ma' hoe lyk dit of jou vrou jou beetgehad het? ,Bam-bam,

thank you mam!' Cheer up! Happiness is 'n new chain.
MAGIEL. Net wat jy wil. Jy't mos allerhanne slimstreke in
jou kop gehad. Ommie ding vi' Jessie te gie, en soe.

APOOLS P. Vi' Jessie? Wie's Jessie?

MAGIEL. Moenie nou jou Doemanie De Beer-gesig opsit 'ie.

As jy jou maaind gechange het, swinging. Loep gie die
ding vi' jou vrou, of hang hom om jou eie nek. Lord

Mayor, de lot. Do your own thing. Do it in the road, man.

APOOLS P. Dis 'n mooi chain. Spiekerish.

MAGIEL. Ons ka' nou-nou regmaak. Nou moet ek eers die
scene split. (*Af.*)

APOOLS P. Regmaak? Dis 'n malspul dié. Ma' kyk so 'n
chain! Ek sal ythang innie Pêrel. Ma' dis wragtig snaakse
mense dié wat man somme' byloep met 'n Krismisboks
op Niewejaar! Ek sallie nee sê nie. Ma' lat ek aanstap en
kyk of Drommel al gevernem het oor 'n bus. (*Af.*)

Sewe

Op die oopte voor die Oog. APOOLS-VAN-DIE-KAAP en DROMMEL-VAN-DIE-KAAP kom by die voordeur uit; JESSIE bly op die drumpel staan.

JESSIE (*wuif*). Toedeloe, swietie. Nice to see you.

APOOLS K. Baai, my kat. Jy skink die lekkerste vaaljapie innie kontrei. En thanks vir die ringetjie. (*Lig sy hand om 'n karbonkel van 'n ring te vertoon: hy is effens getrek.*)

JESSIE. Fair exchange, no robbery: onthou daai chain wat jy my geblo' het.

APOOLS K. Hy moet al by jou gewies het. As ek daai Magiel bykom, slat ek hom lat hy dink dissie jackpot wat hom gehiet 't. Ma' jou chain sal jy kry, Jessie, trust me. (*Wuif vir haar 'n soentjie. Jessie af.*) Hoe't ek jou gesê, my ou pël? Lekke' dik geëet, dik gedrink, ampe' biete' as by die hys.

DROMMEL K (*steier effens*). Sy't 'n swaar hand met die vaaljapie so oppie hitte vannie dag. Hierie laitie is nou lus vi' skynslê. Ek dink ek staan hys se kant toe.

APOOLS K. As ek 'n vrou soes jy gehad het, bly ek vannie hys af weg. Hoe jy dit hou, wiet ek nie. So 'n outsize mens wat jy in paaielemente moet liefhê: en nou's die H.P. nog op oek. Ek wiet 'ie hoe jy manage nie. Piere mys op 'n syke'brood, jy!

DROMMEL K. Moenie vi' jou kom opstêrs hou oor my vrou nie. Wat het jy so danig? 'n Helleveeg wat jou nie eers op Niewejaar by die voordeur laat inkom vi' dinne' nie!

APOOLS K. Wag nou, Drommeltjie, wag. Moenie neuk met 'n man saam nie. Dis 'n sôr point daai. (*Hik, en giggel.*) Ma' ons het da'em 'n lekker tyd by Jessie gehad. Wonne' net wat van daai Magiel met die chain geword het, mens kan ok 'ie meer jou vrinne trust nie. (*Pouse.*) Drommel!

DROMMEL K (*skrik*). Moenie so skielik so hard met 'n man praat nie. Ek kan my sluk afruk. Wat issit nou?

- APOOLS K. Ek het nou net 'n brainwave gekry.
- DROMMEL K. Nou moenie jou arms so sta' wave nie, jy wave my harsings koud. Nou toe: sê.
- APOOLS K. Daai chain. Ek het hom mos vi' Adriana geblo'.
- DROMMEL K. En nou't jy hom vi' Jessie ok geblo'.
- APOOLS K. Is so, is so. En Jessie sal hom kry, kos ek is 'n man van my woord. Ma' vi' my vrou gaan ek ok ietsie gie, net vir 'n surprise.
- DROMMEL K. En wat sal dit nogal wies?
- APOOLS K (*haal kleingeld uit*). Vat so, vyf-en-twintig sent. Gaan jy vi' my daar na Lappies se keffie toe en koop vi' my 'n stuk tou.
- DROMMEL K. 'n Stuk tou?
- APOOLS K. 'n Stuk tou. Lekke' dik tou, lat ek dit vi' Adriana kan gie. Dan kan sy sien wat kry sy as sy haar man heller oordag yt sy eie hys ytslyt. Sies vi' haar! Toe, maak aan, maak aan.
- DROMMEL K. Nee, ma' goed. (*Steier-steier af net as MAGIEL opkom.*)
- MAGIEL. Ek sê, ek sê! Lekke'lyf, hoe lyk 'it my? Ytgekap, diep getiep so oppie middag, hè? (*Klap APOOLS K gemoedelik tussen die blaaië.*)
- APOOLS K. Jy! Dis nou 'n tyd om hie' aan te kom, en met leë hanne da'by. A friend in need, skaam vi' jou, Magiel. Jy's 'n mooi een om te trust.
- MAGIEL. Hoe's die ou dan nou so hung-up?
- APOOLS K. Jy vra, gú! Ek kom da' by Jessie aan, I promised your presence and the chain – en wat gebeur? – net mooi niks. G'n chain nie, g'n jy nie, en ek sit sos 'n hoene' met 'n bek vol tanne. Kyk wat gie sy vi' my, somme' soe free for nothing. (*Wys sy ring.*) En ek het niks om te reciprocate nie. Dissie die game nie.
- MAGIEL. Ek sien jy's in 'n merrie humour, hè? Ma' skei nou eers bietjie yt, skei yt. Ek het vi' jou die slippie gebring.
- APOOLS K. Wat se slippie? My kop is dik, ek kannie mooi sien nie.

MAGIEL. Die chain se slippie, dat jy alles black en white kan hê. Daar's die prys: elfen rand fourteen cents. En daar's die discount: one rand elfen cents. En daar's die balance: ten rand en four cents. (APOOLS K *kyk hom lank en deurborend aan. Pouse.*) Ten rand en three cents. A' jy dit somme' nou vi' my kan gie, sal ek bly wies, want ek skuld vi' Sollie. En dan laat dit my da'em met ietsie vir 'n paar zolle vanaand, om gees te vang vir 'ie Carnival.

APOOLS K. Jy's pricey, hê?

MAGIEL. Dissie ek nie, dissie Kaap, dissie Parade, ek het jou mos gesê. Inflation and all that.

APOOLS K. Nee ma' goed, ek wiet. Ek het nie cash by my nie, Magiel, dis by die hys. As jy nie maaind nie, kan jy dit somme' da' gaan optel. Dan drop jy die chaintjie by Jessie as jy da' verbykom – ek het hom klaar vir haar geblo'.

MAGIEL. Groovy. Gee dan die chain, dan drop ek hom by Jessie.

APOOLS K. Hoe nou: gee die chain? Waar moet ek hom kry? Ek sê mos: loep drop jy die chain by Jessie en vra vir Adriana die geld.

MAGIEL. En ek sê gee die chain lat ek hom kan vat.

APOOLS K. Nou focus ek nie, Magiel. Jy moenie met my sukkel as ek gedrink is nie.

MAGIEL. Ek wil my geld hê!!

APOOLS K. Ma' demmit, loep haal dan die geld. Sorg net dat jy die chain ok afgee.

MAGIEL. Hoe kan ek die chain afgee as jy hom nie vi' my gee nie?

APOOLS K. Dissie ek wat die chain vi' jou moet gee nie, Magiel. Dis jy wat hom vi' my moet gie. Lyk my jy's ok getrek.

MAGIEL. Apools: is ek en jy vrinne?

APOOLS K. Ons is vrinne, ja.

MAGIEL. Ou vrinne?

APOOLS K. Horingou vrinne.

MAGIEL. Then don't drop out on me, man. Waar's die chain wat ek jou nou-nou gegee het?

APOOLS K. Jy begin my so stadig vies maak, Magiel. Nie vinnig nie. Stadig. So slowly, slowly. Ma' ek warn jou betimes: moenie sukkel met my saam nie!

MAGIEL. Ek sukkel mos nie. Ek vra net die geld wat jy my skuld.

APOOLS K. En ek skuld jou niks voor ek nie daai chain gekry het nie.

MAGIEL. Jy wiet voor jou siel ek het die ding minne' as 'n uur gelede vi' jou gegie. Toe sê ek nog plein streit vi' jou ons sal later regmaak. Nou is dit later, nou maak ons reg.

APOOLS K. Jy't niks vannie soort gedoen nie. You wrong me much to say so.

MAGIEL. En jy wrong my by denying it.

APOOLS K. Ag, gaan bars.

MAGIEL. Gaan bars? En waar's my geld?

APOOLS K. Jy kry nie 'n oulap voor ek my chain het nie.

MAGIEL. Dan vat ek jou nou koort toe, ek vat jou dieners toe. To the fuzz, man.

APOOLS K. Vat 'n traai! (*Hy kom aggressief nader; MAGIEL pootjie hom. Hulle stoei, maar APOOLS K is te ver heen om hom juis teë te sit. Met 'n flink slenterslag pluk MAGIEL APOOLS K se lyfband af.*)

MAGIEL. O.K., get up. Nou't ek jou belt, nou ka' jy nie die scene split nie, dan val jou broek af. Forward march! (*Hulle begin wegmarsjeer.*)

DROMMEL P (*uit-aseem op*). Apools, da' is 'n bus Pêrel toe. Hulle wag net vir 'ie drywer, hy steek nog 'n paar doppe, ma' die bus staan reg. Ek het ons goed solank gaan inlaai. Kom!

APOOLS K. Wat sê bus praat jy van? Wie gaan Pêrel toe?

MAGIEL. Pollie.

APOOLS K. Laat Pollie gaan. Wie's Pollie ennieway? En wat traak dit my?

DROMMEL K. Ma' jy't my dan gestuur om 'n bus te gaan soek.

APOOLS K. Ek het jou gestuur om te gaan tou koop. Jy't te veel van Jessie se vaaljapie in.

DROMMEL P. Jy't gesê jy wil Pêrel toe gaan. Nou sta' wag die bus.

APOOLS K. Ek slat vi' jou, Drommel! (*Loop hom by, maar sy broek begin afval en hy moet dit oorhaastig vasgryp. 'n Oomblik is hy magteloos.*) Ons sal late' hieroor settle, dis 'n promise. Daar's nou eers 'n sleg ding wat jy moet regsien. Hierie Magiel kom vat my somme' aan vi' skuld wat ek nog nie skuld nie. Hy wil my koort toe vat oor 'n ketting, oor 'n chain, en dit 'n man met my reputation! Ek wil hê jy moet gou na Adriana toe hol, Drommel, lat ek my yt die skanne kan loskoop. Dán sal ons sien.

DROMMEL P. Wat het Adriana daa'mee yt te waai?

APOOLS K. Sy sal jou die geld gee. Tien rand.

MAGIEL. En four cents. (*Pouse.*) Three.

APOOLS K. Sê vi' haar my wallet is onne' die matras aan my kant vannie kooikatel.

DROMMEL P. Terug na daai hys toe? Met daai fieks? En daai dik donne'weer wat my so die creeps gie?

APOOLS K. Wil jy sien dat ek innie tjoekie ga' sit vi' niks? Wat se pêl is jy dan?

DROMMEL P. O.K. dan. Ek wiet wragtig nie hoe jou wallet da' gekom het nie – jy wat jou so holy-holy gehou het – onne' die matras? Jou kant vannie kooikatel? (*Gee haastig pad as APOOLS K naderstaan.*) Nee ma' goed, as jy so sê . . . Jack-the-Ripper! (*Haas hom af.*)

Agt

In die huis van APOOLS-VAN-DIE-KAAP. ADRIANA en LUCY op die toneel.

ADRIANA. Ma' is jy doodsieker hy't so gesê, Lucy? Hê-jy hom goed innie oog gekyk? Jy wiet, Apools kan ok 'n platjie wies as hy die dag lus het. Hy kon mos nog nooit serious gewies het 'ie.

LUCY. Hy was dead serious.

ADRIANA. Dat hy in love is met jóú? Moenie my laat lag nie. Jy met jou pêreltanne: Apools het nog al-jare gesê hy sal nooit vat kry aan 'n vrou met tanne nie. Wát het hy gesê, Lucy? Woord vi' woord.

LUCY. Ma' ek het jou al honnerd maal gesê al! Eers sê hy jy't g'n reg op hom nie.

ADRIANA. Hy bedoel hy doen my g'n reg nie.

LUCY. Hy sê hy ken jou nie.

ADRIANA. En dis waar ok, soes wat hy deesdae te kere gaan.

LUCY. Toe plead ek vi' jou.

ADRIANA. En wat sê hy?

LUCY. Hy sê allie liefde wat ek soebat vi' jou, dié't hy vi' my. Haai Adriana, dis so sêd, ma' ek kannie help om gefletter te voel nie, Apools is so hendsome. Ma' ek wiet dis shocking!

ADRIANA (*grimmig*). Wat het hy gesê?

LUCY. Eers sê hy ek is sy dollie en toe sê hy he needs me. Nes innie fliek.

ADRIANA. En jy't hom natierlik ge-encourage! Skurk wat hy is, swaap, onnosel, buffel, derdywel, ongeskik, misrawele sondaar, harregat, losloper, lae satang!

LUCY. As hy rêrig so sleg is, hoëf jy mos nie jealous te wies 'ie.

ADRIANA. He's all that and worse, ma' hie' in my hart is hy nog die beste man innie wêreld. My heart prays for him, though my tongue do curse.

DROMMEL P (*uit-aseem op*). Hei, gou, die bed, die matras, die wallet, gee-gee-gee, hand over!

ADRIANA. Wat se bedstories issit met jou heller oordag? Skaam jy jou nie?

LUCY. Oe, probeer jy ons seduce?

ADRIANA. Praat: hoe's jy so yt-aseem?

DROMMEL P. Van hardloop.

ADRIANA. Waar's Apools? Het hy iets oorgekom?

DROMMEL P. Hy's innie hel.

ADRIANA. Ag nee, regtig? Lieg jy nie vi' my nie, Drommel?

DROMMEL P. Hulle't hom gehijack en sy broek gaan afval en hy gaan innie tjoekie sit en ryswater en hard labour kry ennie Jirre wiet wat nog.

ADRIANA. Ma' wat het dan gebeur? Praat, man!

DROMMEL P. Hulle't hom aangevat vir skuld.

ADRIANA. Ma' Apools het nog nooit in sy lewe skuld ge-
maak nie. (*Agterdogtig.*) Of is daar skuld wat ek nie van wiet 'ie?

DROMMEL P. Oor 'n chain wat hy glo gekoep het.

ADRIANA. Ag, dis my chain daai. Sien jy nou, Lucy, hy't 'n hart van eighteen carat gold. En nou sit hulle hom innie tronk en dis alles my skuld.

DROMMEL P. Onne' die matras, sê hy, sy kant vannie kooikatel. Is sy wallet. Tien rand en three cents, dan los hulle hom. Annars is sy broek af en dis da'em te revealing.

ADRIANA. Gou, Lucy. Dop die bed om. (*Lucy af.*) Drommel, dink jy dit sal da'em nog betyds wies – om hom te red van 'n fate worse than death?

DROMMEL P. So't daai hippie by hom gesê. Ma' hulle sallie lank wag 'ie.

ADRIANA (*roep*). Maak aan, Lucy! (*LUCY terug: ADRIANA gryp die beurs en tel die geld af.*) Five, seven, nine, ten.

En three cents. Roer jou gat, Drommel. En sê vi' my man sy darling wag vi' hom en I'll always be true.

LUCY. Ja, sê vi' hom. (*DROMMEL P af.*)

Nege

Terug op die oopte. APOOLS-VAN-DIE-PÊREL sit op 'n trappie met die ketting om sy nek. Die Klopse kom verby.)

SOLLIE. Hei, Apools! Hoe lyk 'it my jy't te goed gedinner vandag? Dans saam, boetie, dans saam! (*Hulle sing 'n Kaapse liedjie –, Die hand vol vere' of iets dergeliks, en val dan in met die temaliedjie:*)

ALMAL (*sing*).

,Daa's 'n kinkel innie kabel,
Daa's 'n vliegjie innie wyn,
Daa's 'n vlooitjie innie kooitjie,
Da' is sônne ollie sym!

Maak daai kromme kabel regyt,
Syt daai soetwynvliegjie af,
Keer daai ongeskikte vlooitjie,
Hiert, jou sônne-op-'n-draf!

Daa's 'n kinkel innie kabel,
Daa's 'n vliegjie innie wyn,
Daa's 'n vlooitjie innie kooitjie,
Da' is sônne ollie sym!

(Dan beweeg die groep af en APOOLS-VAN-DIE-PÊREL bly allenig agter.)

APOOLS P. Verstaat dit nie. Verstaat dit nie. Ammal groet my op my naam, laat my injoin met die bênd, nes 'n ou pêl. En ek was bang hulle kom agter ek is vannie Pêrel! Dalk lyk hierdie laitie glad nie sos 'n bekveller nie. (*Pouse.*) Ma' daar's 'n slang innie gras. Verstaat dit nie. Da' sit Slamse too'dery innie lug.

DROMMEL P (*haastig op*). A, what a relief. Hier sit jy so iewe en ek hol my jis af om jou te kry.

APOOLS P. Dit wassie nodig om te hol nie. Jy't mos gewiet ek sal ma' hierlanges wees.

DROMMEL P. Ma' jy't my so laat skrik met jou stories van dieners en goed, ek dag ek kry jou klaar innie tjoekie.

APOOLS P. En wat sal 'n wetsgehoorsamige man sos ek innie tjoekie soek?

DROMMEL P. Dis wat my so geworrie het. Ennieway, hier's die geld. Ten rand en three cents.

APOOLS P. Wat moet ek daa'mee maak? Ek het jou vanoggend die geld gegie en gesê jy moet dit bêre lat die skollies dit nie afvat nie.

DROMMEL P. Ma' toe stuur jy my Adriana toe om geld te vra om jou te kom los. En nou? Is jy los – of is dit 'n tronk-chain wat jy daar om jou nek het? Is jy 'n bandiet of is jy 'n vrye man?

APOOLS P. In hierdie land is elke man mos 'n vrye man. Is van allie vryheid lat ons al soe lyk. Ma' dis jy wat bedônnerd in jou kop is: ek het jou lankal gesê ons moet hier ytkom: hê-jy nog 'ie 'n bus gekry nie?

DROMMEL P. Ek het jou nou-nou al kom sê die bus wag. Toe ja jy my Adriana toe.

APOOLS P. Wat foeter jy al tussenin met Adriana?

JESSIE (*kom by die Oog se deur uit*). Hello, Dollie! (*Val APOOLS P om die nek.*)

APOOLS P (*skrik hom boeglam*). Hei, haai, hoei. Wyk Satan, weg van my af!

JESSIE. O, jy's 'n teaser, Apools. Dis dié dat jy ons vroumense so charm. Oh, how sweet! Is dit my chain?

APOOLS P. Vroumens, moenie my kom tamteer nie.

JESSIE. Net bietjie op jou skoot sit, darling. Jou Jessietjie het verlang na jou. Give us a kiss. O, dis 'n mooi chain, Apools, and to think it's all mine!

APOOLS P. Hiert, jou gifding! Ek is 'n Kristenmens, moenie my innie ve'soeking kom lei nie.

DROMMEL P. Mooi katte wat hulle op hierie plek het, ek het jou mos gesê. Hallo, bekkie.

APOOLS P. Drommel, sie-jy syntoe staan. Moenie dat die vroumens aan jou vat nie. Dis too'dery dié.

JESSIE. I want my chain.

APOOLS P. Lossit, skei yt, gie pad! Jesebel!

JESSIE. Sies, Apools, waar's die ring wat ek jou gegie het? Speel jy klaar untrue met my? O julle mans is ammal eners. (*Kwaai.*) Nou gee jy daai chain. Ek ryl nie my precious ring vi' niks nie. Hand over!

DROMMEL P. Gie tog ma' die ding vi' haar, Apools, wat sal jy nou da'mie maak?

APOOLS P. Ken jy nie die Slamse nie? Hulle vat 'n stukkie hare of 'n toonnael of 'n ding van jou en dan stiek hulle daar spelle in en gooi kerswas op en as jy wie' jou oë oepmaak, dan is jy fiedie-kondêm, morsdood. Dis net 'n slinterslag dié. (*Aan JESSIE.*) Los my chain, sê ek, jou wyfiekat! Voertsek, jou heks!

DROMMEL P. So 'n beauty ka' mos nog nooit 'n heks wies 'ie. Kom hier, swietie-paai, la'k jou bykom.

APOOLS P. Gie pad van haar af, Drommel. Sy toor vi' jou lat jy na horing ryk.

DROMMEL P. Ek is klaar die ene horing.

APOOLS P. Drommel, sta' syntoe! (*Aan JESSIE.*) En los my chain, los hom: wat dink jy is ek: 'n lucky dip? (*Ruk eindelijk los en sleur DROMMEL P saam met hom van die verhoog af.*)

JESSIE. Nou wiet ek: Apools is raving mad. En 'n uur gelede was dit alles nog moonlight en roses. Vry my ring van my af en promise my 'n chain. Nou's die ring in sy maai en die chain wil hy nie gie nie. Ek dink ek begin nou kliek: daai sêd storie wat hy by die dinnertafel vertel het van sy vrou wat hom ytgeslyt het: g'n wonne' sy't so 'n malman ytgeslyt 'ie. Met hierdie present instance of his rage wiet ek nou for sure: hy's mal. (*Peins.*) En my ring? En my chain? (*Pouse.*) Ha! Got him! My way is now to his house and tell his wife that, being lunatic, he rush'd into my house and took perforce my ring away. Took

perforce my ring away. (*Proe die waorde.*) Took perforce . . . En om te dink ek het hom nog dinner gegie ok: 'n malman! Hy kon ons ammal liewendig doodgemaak het. (*Haas haar uit.*)

Tien

Steeds op die oopte, onmiddellik ná die vorige toneel. APOOLS-VAN-DIE-KAAP en MAGIEL kom op: APOOLS K klou nog steeds sy broek vas; MAGIEL het hom van agter aan sy nek en sy broek se sitplek beet.

APOOLS K. Laat los my tog, man, ek sallie weghol nie; ek het nog my dignity. Jou geld sal jy kry.

MAGIEL. Waar bly jou pêl?

APOOLS K. Gie hom kans. Ma' ek sê jou dit sal beter wies om self syntoe te gaan. My vrou is vandag omgeklits, sy sallie somme' opdok vir 'n messenger nie. Ma' boetie, lat ek hier loskom, dan ry ek vi' jou lat jy blare op jou stêre het. Dis malicious prosecution. (*Gewaar DROMMEL-VAN-DIE-KAAP wat naderkom.*) A, daar's hy. Hier kom my ytkoms. Opskud, Drommel, my ou pêl: hê-jy ge bring wat ek gesê het jy moet bring?

DROMMEL K. Jis! Hier's hy. (*Gooi 'n dik rol tou van sy skouer af.*) Ek sal graag haar gesig sien as sy dít op haar lyf kry.

APOOLS K. En dit?

DROMMEL K. Jy't my gestuur vi' tou.

APOOLS K. Speel jy nou saam met die dieners? Hê-jy 'n death-wish in jou? Ek stuur jou vi' geld en jy kom terug met 'n galgtou. Waar's die geld, man?

DROMMEL K. By die keffie betaal vir 'ie tou mos. Hy't gesê dit kos meer, ma' oorlat dit vi' sy ou pêl Apools is, ka' jy dit kry vir 'n bargain.

APOOLS K. Ten rand en three cents vir 'n rol tou?

DROMMEL K. Twenty-five cents is al wat jy my gegie het.

APOOLS K. Ennie geld wat jy by die hys gat haal het?

DROMMEL K. Ek wiet niks van geld by die hys nie.

APOOLS K. Maaifoedie! (*Takel hom toe: dan begin sy broek afval en hy moet DROMMEL K oorhaastig los om die broek te red.*)

MAGIEL. Steady, manne, steady. Don't blow your cool.

DROMMEL K. Dis Jessie se vaaljapie wat so met sy gal werk.

Kan nog 'ie behoorlik op sy pote staan nie, dan begin hy al weer slat aan my. Slat, slat, slat, vannie môre tot die aand. Wat se Niewejaar is dit? Die panelbeating moet nou endkry.

APOOLS P. Hoerê!

DROMMEL K. Wat se hoerê issit met jou?

APOOLS K. Dissie vi' jou wat ek hoerê nie. Hie' kom my vrou. Hie' kom my deliverance. Hie' kom my darling.

(ADRIANA, LUCY en die Slamse dokter KNIPPIE kom op, voorgegaan deur JESSIE.)

JESSIE. Daar's hy. Kyk in wat se styt is hy. Het ek jou nie gewarn nie, Adriana, like a true friend?

DROMMEL K. Bly weg van sy lyf af, Adriana, hy's 'ie reg in sy kop vandag nie.

APOOLS K. Sie-jy shaddap! (*Klap na DROMMEL K; sy broek val weer af en hy moet inderhaas daarna gryp.*)

JESSIE. Kyk hoe lyk die arme darling.

ADRIANA. Wie's jou darling? Yt yt my yt, ek consort nie met jou taip van floozie nie. (*Aan KNIPPIE.*) Knippie, kyk na my man. Sê jy vi' my wat hy makeer. Lat Knippie na jou kyk, Apools. Hy's 'n Slams, hy sal jou regsien.

KNIPPIE (*aan APOOLS*). Gee my jou hand, la'k jou lyne kyk.

APOOLS K (*klap hom*). Hier's my hand. (*Gryp sy broek.*)

KNIPPIE. Daar's dywels in hom. Vat hom vas. (*MAGIEL en DROMMEL K vat hom vas.*) Lat ek 'n stukkie van sy hare kry. (*Haal 'n knipmes uit en sny 'n paar hare af.*) En 'n toonnael. Lê stil! (*Trek APOOLS K se skoene uit en knip 'n stukkie nael af. Haal dan blikkies en goetertjies uit sy doepasak en maak 'n brousel.*) Doepa en paljas, hoeveel dywels aan jou kwas?

APOOLS K. Laat los my, ek issie mal nie!

ADRIANA. Ek hoop jy is mal, Apools, want anners issit tiekets. Sit stil. Dis vi' jou beswil lat Knippie jou help. Dit maak vi' hom seerder as vi' jou.

APOOLS K. Is dit hy wat saam met jou gedinner het? Die man wat jy kammakastig so liefhet? Hy met sy gevrietjie? Jy't g'n tyst nie, Adriana! Is dit vi' hom wat jy jou eie man yt die hys ytslyt?

ADRIANA. Ma' ek het nog nooit so iets gedoen nie, Apools!

APOOLS K. Laat los my! Ek sal vi' jou . . .

KNIPPIE. Lat ons eers jou dywels yt jou yt. Innie bytenste dysternis, met geweën en geknês vannie tanne. En as julle nie tanne het 'ie, sal dit gesupply word. (*Hy begin werskaf met sy poeiers.*) Ready for countdown?

MAGIEL. Standing by.

KNIPPIE. Ten – nine – eight – seven – six – five – four – three – two – one – zero! (*Begin 'n hele ritueel uitvoer, met gebare en danse en bestrooiing deur poeiers, terwyl hy 'n inkantasie mompel:*)

,Vat hom vas en smyt hom yt,

Dryf sy sônes yt hom yt!

Da's 'n kinkel innie kabel,

Da's 'n konkel aan jou kwas!

Vat jou kinkel, byg hom regyt,

Doop jou konkel innie was!

O vat hom vas en smyt hom yt,

Dryf sy sônes yt hom yt!

APOOLS K. Voert met jou, Belsebul! (*Nies geweldig van die poeier; KNIPPIE slaan bollemakiesie agteroor.*)

KNIPPIE (*na 'n pouse*). Die charm het nie gewerk 'ie. Hier's 'n evil influence. Ek sal hom ytryk. (*Begin weer vroetel.*)

ADRIANA. Hy probeer jou help, my man. Dat jy wee' lief kan wies vi' my. (*Loer na LUCY.*) En om te dink wat jy vi' háár gesê het: jy móét mal wies.

APOOLS K. Moenie vi' jou kom heilig hou by my nie, vroumens. Jy behoort jou kop te laat sak in skaamte oor wat jy aan my gedoen het.

DROMMEL K. Dis reg. Sê vi' haar. En daar lê die tou.

APOOLS K. Sê vi' my: het sy die deur in my gesig geslyt?

DROMMEL K. In jou gesig. In myne ok.

APOOLS K. En toe skel sy op my?

DROMMEL K. Toe skel sy op jou. En op my ok.

APOOLS K. En sy sê sy sit en eet met haar nuwe fênsie?

DROMMEL K. Nuwe fênsie, net so. Quote unquote.

APOOLS K. Tot ek ma' moes omdraai en padgie sonne' kos?

DROMMEL K. Sonne' 'n krieseltjie, sonne' 'n druppeltjie.

Ek ok.

APOOLS K (*aan* ADRIANA). Ek sweer dis nog jy wat vi' Magiel ok opgestiek het om my te kom aanvat.

ADRIANA. Ma' ek het dan geld gestuur om jou te los! Nou 'n kwartier gelede het ek dit in Drommel se hand gegie.

DROMMEL K. Include me out. Moenie vi' my kom insliep by julle liegstories nie.

APOOLS K. Het jy nie by haar gaan geld vra toe ek jou gestuur het nie?

ADRIANA. Hy het, en ek het hom gegie ok.

LUCY. Ek is witness.

DROMMEL K. Lappies by die keffie is my witness dat ek net gestuur is vir 'n stuk tou: daar lê hy.

KNIPPIE. Adriana, ek het hom! Dié man is ok mal. Altwie van hulle. Gadareense swyne.

DROMMEL K. Hei, hei, watch jou step!

KNIPPIE. Magiel, help my, die man is gevaarlik. (APOOLS K *is intussen met een punt van die tou vasgebind en lê op die grond; nou druk MAGIEL en KNIPPIE vir DROMMEL K ook vas en wikkel hom soos 'n kokon in die tou toe.*) Soe. Nou moet hulle toegemaak word in 'n donke' kamer. Dit help. Ek sal doepa by hulle brand en allie bouse gieste ytdrywe.

APOOLS K. Adriana, maak my los! Ek order jou!

ADRIANA. Ag, my man, my man, vat dit soes dit kom. With love.

APOOLS K. Eers slyt jy my yt, nou lat slyt jy my op. That's love for you!

ADRIANA (*aan* KNIPPIE). Vat hulle na my hys toe. Die spens is mooi donke'. En help die arme siele tog reg.

LUCY. Moet hulle nie seermaak nie.

KNIPPIE. Ek sal sôre, ek sal sôre, moenie worrie nie. (*Hy pluk-pluk aan die tou en sleep die twee van die verhoog af.*)

ADRIANA. Ag, die arme ding. Magiel, ma' ek kop nou nog nie mooi vir wat hy aangevat is nie. Ek ken jou mos nie so nie.

MAGIEL. Dissie geld wat hy my skuld vir die chain. Ek het hom die geld gegie, en nou denaai hy skielik alles. Wat ka' ek doen? Ek moet ok liewe. En ek het dê'tien love-children om te support.

ADRIANA. Ek het die chain met g'n oeg gesien nie.

JESSIE. Ek het. Toe jou man so all in a rage by my aankom oor jy hom sy marital rights gedenaai het, toe't hy my ring kom afkonkel – daai ring what you saw with your own eyes on his finger. En net da'na kry ek hom hier byte sit met die chain om sy nek. But what a scene! All hell let loose! On my word of honour. (*MAGIEL af.*)

ADRIANA. Van honour by jóú wiet ek nie. Ma' ek wil wiet wat is wat. Ek is geprepare vir die worst. (*Skrik haar boeglam as APOOLS-VAN-DIE-PÊREL en DROMMEL-VAN-DIE-PÊREL skielik opkom.*) O gots! Hulle't losgekom. Vang hulle! (*Storm nader, maar die twee pluk messe uit.*)

JESSIE. Oppas, keer, hokaai, hulle is gepossess. Moenie sukkel met 'n malman nie, Adriana. Hol, lat ons wegkom. (*JESSIE, ADRIANA en LUCY halsoorkop af.*)

APOOLS P. Mag 'n spul too'naars wies, ma' hulle skrik da'em nog vir 'n mes. Jis, kyk hoe hol hulle!

DROMMEL P. En dié Adriana wat kamma jou vrou was, los oppie voorpunt. Hè-hè!

APOOLS P. Kom, laat ons ons goed gaan haal en oppie bus kom.

DROMMEL P. Klaar oppie bus.

APOOLS P. Nou kom. Laat ons skedêdel.

DROMMEL P. Dis da'em tog sêd om pad te gie, Apools. Behalwe vi' daai mountain of mad flesh wat sê sy's my

vrou, loep hier da`em sukke mooi goedjies rond. Parting
is such sweet sorrow.

APOOLS P. Ek bly nie `n nag in dié getoo`de plek nie. Newwer-
ewwer. Kom, wikkel jou boude. (*Albei af.*)

Vlak by die sektekerkie van die Serafs en die Cherubs.
 APOOLS-VAN-DIE-PÊREL en DROMMEL-VAN-DIE-PÊREL kom
 behoedsaam op, hul messe nog in hul hande. As hulle seker is
 daar is niemand naby nie, bêre hulle die messe.

APOOLS P. Lyk my ons is syf, Drommel. Waar's daai bus?
 DROMMEL P. Net hie' annerkant die kerk.

MAGIEL (*op; steek vas*). Kannie wies 'ie. I must have
 freaked out. Apools!!

APOOLS (*swaai om*): Wa' wil jy hê?

MAGIEL. Vyf minute gelede het ek julle met my eie oë gesien,
 vasgewoel soes twee sywurms in Knippie se coccoon – en
 hie' groove julle rond sos 'n freedom march.

APOOLS P. Is jy ok ien vannie plek se malles? Ons loep al
 heeldag los rond. Ma' nou's ons dik tot hier. Nou vat
 ons die bus Pêrel toe, dan siet julle ons nooit wee' nie.

MAGIEL. Stadig oor 'ie klippies. Nou wil jy Pêrel toe. Jy dink
 jy kan somme' so yt-chicken, hê?

APOOLS P (*vat-vat aan sy mes*). Staan syntoe.

MAGIEL. Wag, Apools, wag, ek soek nie trubbels nie. It's
 not my scene. Ma' jy maak nie reg met my nie. Hier loep
 jy oep en bloet met die chain om jou nek rond soes wie
 weet wat se Naboomspryt se Mayor en dan denaai jy
 nog dat jy die ding het.

APOOLS P. Ek het dit nog nooit gedenaai nie.

MAGIEL. Wil jy vi' my sê jy't nie nou net voor die hele
 wêreld gedenaai lat ek hom vi' jou gegie het 'ie?

APOOLS P. Natierlik nie. Ek is deeply moved deur jou
 Krismisboks.

MAGIEL. Krismisboks, Krismisboks, en dit kos my ten rand
 en three cents, plus discount. Dis 'n bad scene. As jy my
 nie wil betaal nie: gie terug.

APOOLS P. Sies, wat se menners is dit dié? Eers gegee dan

genomen. (*As MAGIEL naderkom.*) Laat los! (*Pluk sy mes uit.*)

MAGIEL. Hei, ek het ok 'n mes, gehoor! (*Trek sy mes ook uit.*)

ADRIANA (*kom saam met LUCY op*). Nee, nee, hokaai, lay off, moet hom nie seermaak nie, Magiel. Die arme man is mal. Waar't jy hom nou weer innie hanne gekry?

MAGIEL. Hy't self hier in my ingeloep, met my chain en al.

ADRIANA. Vat sy mes af. Vat hom soetjies.

DROMMEL P. Apools, nou moet ons hol.

APOOLS P. Waantoe? Ons is vas.

DROMMEL P. Hier innie kerk in.

APOOLS P. Ma' dis 'n sektekerk en ek is 'n Kristenmens.

DROMMEL P. Dissie nou tyd om bygelowig te wies 'ie. Kom!

Hier kan hulle ons nie aanvat nie! (*Hulle vlug die kerk binne.*)

ADRIANA. Gaan haal hulle yt! (*Roep.*) Help! Hier's malmense los! Kom help!

EMILY (*kom by die kerkdeur uit, 'n skrikaanjaende kruis tussen 'n kinderkrans-engeltjie en 'n krismiskat*). Be quiet, people. Wherefore throng you hither?

ADRIANA. Ek kom haal net my arme mal man, lat ons hom weer kan vasmaak. Knippie die Slams werk met hulle.

EMILY. Dis 'n kerk dié, nie 'n plek vir Slamse en anne'heidings nie.

ADRIANA. Ma' hy's gepossess. Ons moet hom help.

EMILY. How long hath this possession held the man?

ADRIANA. Nou praat jy te hoog vi' my.

EMILY. Hoe lank is hy al betjoins?

ADRIANA. Heelweek al loep hy dikbek rond, suur en moerig en als, ma' voor vanmiddag het hy nog nooit so toetentaal op loep gegaan nie.

EMILY. Hy't nie dalk geld oppie pêre verloor nie? Or hath not else his eye stray'd his affection in unlawful love?

ADRIANA. Nie pêre nie, nee. Ma' daai unlawful love, ek dink dis hom. Ek suspek hom al lankal. (*Begin huil.*)

EMILY. You should for that have reprehended him.

ADRIANA. Ek gie hom lankal hel.

EMILY. Seker net stilletjies en agteraf.

ADRIANA. Nee, stryk deur. Innie bed as hy wil slaap, aan tatel as hy wil iet, eenkant as ons allenig is, oep en bloet as ons in company is, ek gee hom nooit 'n oomblik rus vi' sy siel nie, ma' dink jy hy wil lyster?

EMILY. Maar dis ook dié dat hy mal geword het. The venom clamours of a jealous woman poisons more deadly than a mad dog's tooth.

ADRIANA. Wat anners kon ek doen? Ek het net 'n tong, waa'mee anners kon ek hom bykom, 'n poor defenceless creature sos ek?

EMILY. As jy een van my gemientelede was, sou dit nooit gebeur het nie. Ons van die Church of the Seraphs and the Cherubs, ons is nie so wêrelds nie. Dis dié dat hy kom rus soek het in my kerk. He took this place for sanctuary and it shall privilege him from your hands. Ek sal self vir hom sôre.

ADRIANA. Ek gie nie pad hier sonne' my man nie.

EMILY. Be quiet and depart: thou shalt not have him. (*Swaai met 'n swiep van haar gewaad om en gaan af.*)

ADRIANA. En wat maak ek nou?

MAGIEL. Hier kom Sollie. Kom ons vra vi' hom. Hy's al wat nog kan help.

SOLLIE (*op*). En toe? Moet ek my gal afloep om my manne vanmiddag bymekaa' te kry? Waar's die members van my bënd? Vroemôre moet ons Kaap toe en ons is nog ver van klaar af. Ons moes nooit gebriek het vi' dinne' nie, die hele lot is onkapabel. Adriana, waar's Apools?

ADRIANA. Jy moet my help, Sollie. Hy's hier innie kerk.

SOLLIE. Innie kerk?! Save my soul! Wat maak hy daar?

ADRIANA. Hy's mal.

SOLLIE (*verlig*). O, is dit al? Dan's dit o.k. Ek dag net hy's nou innie religious racket.

ADRIANA. Jy moet hom hier ytkry, Sollie. Daai sektevrou Emily keer hom da'binne vas.

SOLLIE. Ek het nie gewiet Emily lol met die jongmans nie. This religion covers a multitude of sins.

ADRIANA. Sy lol 'ie met hom 'ie! Ek wil nog die vrou sien wat waag om met my man te lol. (*Gluur om haar rond.*)

LUCY. Ek ok, Adriana.

SOLLIE. Nou wat maak sy dan met hom?

ADRIANA. Sy hou hom daar, sy wil hom gesond maak.

SOLLIE. Why not?

ADRIANA. Ek wil homself gesond maak, ek is sy vrou! Ek het 'n licence. Sollie, jy was witness by ons wedding, jy moet help. Apools het vandag mal geword. Hy hol by allie hyse in en steel die mense se ringe en jewels en goed, net waar hy sy hanne op kan lê, en hy seduce al wat 'n rok aan het. Ek het vi' Knippie loep haal om hom by te kom, en toe't ons hom vasgebind en hys toe gestuur, ma' hy's alweer los – en nou't hy hier by die kerk ingehol, met Drommel saam.

SOLLIE. Drommel ok?

ADRIANA. Drommel is net so mal sos hy. Jy't hulle te veel laat prektis innie son vanmôre, Sollie. Dis jou responsibility. Nou moet jy vi' Emily sê lat sy hulle teruggie.

SOLLIE. Lucy, ou ding, loep hier om na die konsistorie toe en sê vi' Emily ek vra sweetly sy moet die manne vi' ons bring. Sê vi' haar ou Sollie sal everlastingly beholden wies.

LUCY. Daadlik. Lat Apools net da' kan ytkom. (*Vinnig af.*)

SOLLIE. Ons sal jou problem vi' jou solve, Adriana. Ek kan nie lat hulle my bênd so in kerke vaskeer nie. Môre moet ons daai koppie ytlaat – daarná's genoeg tyd vir thanksgiving. (*Verbaas.*) En wie kom dan nou hie' aan? (*AIKÔNA in sy rooi onderbroek op.*) O, dis dié ou. En toe, ouste, het jy jou faain gekollek?

AIKÔNA. Ek loep al heeldag innie vloeksemse son rond en brand my olsaait symsaait gaar soos 'n Krismiskalkoen, Lord have mercy, ma' vyf rand en elf sente is al wat ek het.

SOLLIE. Sorrie, ek het gesê die faain is tien rand: dis die Klopse se law.

AIKÔNA. Dis 'n verkrampste law daai. Hê-jy nie vyf rand se se mercy nie?

SOLLIE. Niks vi' niks en boggerôl vi' vyf rand. Ons kan nie exceptions maak nie.

AIKÔNA. Dis net oor ek vannie Transvaal kom.

SOLLIE. Vandag Transvalers, môre Chinese, en waar's die end of the road? Ons beweeg ytwaarts net tot by die Heksrivierberge – dan finish. Elke beleid het sy limit.

AIKÔNA. Nou wil jy my soe die wille wêreld instuur?

SOLLIE. Dissie rule of law. My hart bloei vi' jou, ma' daar's 'n arms embargo op jou klere. Soe fokof.

KNIPPIE (*kom vervaard opgehardloop*). Adriana, hol lat jy bars!

SOLLIE. Wag gat nou aan?

KNIPPIE. Dis Apools en Drommel. Hulle het ytgebriek yt die spens yt en my amper vrek gemaak. Ek is nog biesig met my doepa, toe stiek hulle my baardjie aan 'ie brand, en toe hy brand, toe tiep hulle my in 'n balie vol water om en versyp my so hittete.

ADRIANA. Moenie bedot wies 'ie, hulle is hier in Emily se kerk.

KNIPPIE. Ek sê jou hulle is biesig om amok te maak, erger as 'n doemanie oppie Day of the Covenant. En toe hulle my sien weghol, toe probeer hulle my vang. Hulle is nou hier. Hol, Adriana, hol!

SOLLIE. Kom staan by my, Knippie. Ek sal jou protek. (*'n Geraas buite.*)

ADRIANA. Dis so waar hulle! Dis nie net mal dié nie, Sollie, dis too'dery. Dis Knippie se doen. (APOOLS-VAN-DIE-KAAP en DROMMEL-VAN-DIE-KAAP *op.*)

APOOLS K. Sollie, jy's my pël. Nou moet jy my help. 'n Man moet wiet hoe ver om te gan, en vandag gat hulle te ver met my. Dis outrageous.

AIKÔNA. Ma-ma-ma . . . as ek my nie liederlik mistyk nie,

dan issit my bloedeie seun Apools daai, en sy second-hand boetie Drommel.

SOLLIE. Praat lat mens julle kan verstaan.

APOOLS K. Dis daai vrou van my, Sollie. Da' staan sy nou of sy nie fish-and-chips ka' sê nie. Ma' sy't my gedishonour vandag, beyond imagination.

SOLLIE. Wat het sy gedoen, Apools?

APOOLS K. Jy vra nog! Vanmiddag dinne'tyd slyt sy my hys se deur lat ek nie kan in nie, en binnekant sit sy en flirt met wie-weet-watse Romeo en ammal lag my yt soes vylgoed.

SOLLIE. Wat het jy in jou defence te sê, Adriana?

ADRIANA. Dis 'n lieg van A tot B. Hy en Drommel het saam met my en Lucy dinner ge-iet, ammal tesame. Wate'blommetjebredie en soetpatats, als. Fit for a king.

MAGIEL. Nee wag nou, dis meineed daai, Sollie. Ek was by hulle: ons het saam-saam innie straat gestaan, en ek het gehoor hoe daai vroumense op Apools en Drommel skel. Dis nog ek wat gekeer het lat hulle nie die deur afbreek nie. He may have blown his mind, ma' hier praat hy die waarheid.

APOOLS K. Dis net soes hy da' sê. Ek is nie mal nie en ek issie vol soetens wyns nie – nie meer nie. Magiel was saam met my en Drommel by die hys, en toe't ons nie kon inkom nie, toe's ons Oog toe en Jessie het vi' ons kos gegie. Ok fit for a king. Daar was hy nie by nie en net daa' begin sy lieg storie.

MAGIEL. Don't make waves!

APOOLS K. Hy sou vi' my 'n chain loep haal het wat ek vi' my vrou georder het, en tot nou toe het ek nie daai chain met 'n oog gesien nie: ma' hy sweer ek het dit en hy wil my koort toe vat vi' ten rand en three cents. Is dit nou fair, vra ek jou? Is dit nou fair? En toe ek sê hy ka' gaan bars, toe kom hijack hulle my sos 'n spul Bolsjewieke in Bulawayo: hy en my vrou en haar suster en daai Slams Knippie – daai ytgeteerde vent, daai geraamte, daai teringderm van 'n droogtegevrekte miswurm, hol innie

- oog en maer innie kies, alewig aan die krye stoek en spells babbel en decent mense die doodskrik oppie lyf ja. Toe breek ons yt, natierlik ja, anners was dit nou tiekets. Nou moet jy die saak regsien, Sollie.
- MAGIEL. Dissie psychedelic truth, net 'ie die storie vannie chain nie: dié't ek hom met my eie kaal hanne gegie. Vra vi' Adriana: toe hy nou-nou hier innie kerk ingehol het – die pilaarbyter, die tempelskyter – toe't hy die ding om sy nek. Hoe kan hy dit denaai?
- APOOLS K. Ek was nog nooit naby hierie kerk vandag nie en ek het ok nog 'ie daai chain met 'n daglig se oog gesiet 'ie.
- SOLLIE. Ma' die ding maak 'ie vi' my sens nie.
- AIKÔNA. Kan ek dalk ook 'n woordjie sê? Met permissie.
- SOLLIE. Wat soek jy nog altyd hier? (*Pouse.*) Sê jou sê.
- AIKÔNA. Ek dink ek siet 'n man hier wat my faain vi' my sal betaal. (*Aan APOOLS K.*) Is jou naam nie Apools nie? En is dié nie Drommel wat altyd by jou is nie? Ek is sieke' julle ken my.
- APOOLS K. Ek ken jou van g'n kant af nie, ouste.
- AIKÔNA. Ag, my hare het wit geword van sedness van jy my laas gesien het, en ek wiet ek het plooië bygekry wat jy nie sal ont'ou nie. Ma' my stem moet jy tog ken?
- APOOLS K. Aikôna.
- AIKÔNA. Dis reg! Ek het gewiet jy sal ont'ou.
- APOOLS K. Ek sê ek ken jou nie.
- AIKÔNA. Ma' jy't dan nou net my naam gesê.
- APOOLS K. Ek het gesê: Aikôna.
- AIKÔNA. Ma' dis my naam. Jy wiet mos, Apoolsie!
- APOOLS K. Wat wiet ek?
- AIKÔNA. Dat Aikôna jou pagoed is. Het siewe jare se weg-wies jou dan so vriend gemaak? Ek het jou so mooi opgebring tot jy en Drommel die wye wêreld in is om julle boeties te ga' soek. Hy móét ont'ou, my ou seuntjie Apools!
- APOOLS K. Ek is van kleinsaf wieskind, my pa het ek nooit gesien nie.

AIKÔNA. En jy dan, Drommel?

DROMMEL K. Innocent, your honour. Nooit gesien nie.

AIKÔNA. Ma' jy moet tog ont'ou van Durban en van Jo'burg.

APOOLS K. Sollie hier ken my. Hy kan witness: ek was nog nooit in my lieve in Durban of in Jo'burg nie. Woon al my lieve hier.

SOLLIE. Is so. Ek ken hom van ons súkke kannetjies is, sieke' al twintig jaar. (*Streng.*) Nee, ouste, jou bluf is gekôl. (EMILY en LUCY op, met APOOLS-VAN-DIE-PÊREL en DROMMEL-VAN-DIE-PÊREL agter hulle.)

ADRIANA. Nou siet ek twee Apoolse. Daar's 'n kinkel innie kabel.

SOLLIE. Wie van julle twee is Apools en wie's sy gies? En watte' ien is Drommel en waar's sy spook? Staan syntoe.

DROMMEL P. Ek is Drommel. Jaag hom weg.

DROMMEL K. Ek is Drommel. Jy ken my mos, Sollie. Dis hy wat hier bok-bok spel tussen die skape.

APOOLS P (*gewaar skielik vir AIKÔNA*). Ou Aikôna, my pappie, is dit jy? Wat het hulle met jou aangevang?

DROMMEL P. Ag hemel, oom Aikôna, wat soek jy hie' so sedly in ons midde?

EMILY. Wie't sy klere afgevat? Gie terug.

SOLLIE. Gekonfiskyt. Daar's 'n faain op.

EMILY. Ek sal betaal.

SOLLIE. Wat sukkel jy met so 'n ou lolliesmous, Emily? Daar's baie beter specimens of manhood hier innie rondte.

EMILY. Dis g'n lolliesmous dié nie. Dis my man Aikôna. (*Aan AIKÔNA.*) Ont'ou jy nie? Jou vrou Emily, ons twielingtwintjies ennie adopted outjies, siestog, en toe die outing oppie treiler?

AIKÔNA. Ek dink ek droom, ma' as ek possibly nie droom nie, dan issit jy, Emily. Ag, my vrou, en wat het vannie kinne'tjies geword wat by jou was?

EMILY. 'n Mystery. Ek was unconscious toe't hulle ons yt die see yt ythaal. Toe ek my kom kry, toe's ek in Mosselbaai, all on my own. En lateraan het ek my kerk se werk

hier tussen die heidene kom doen, vir die Seraphs en die Cherubs, dis 'n goeie werk, I recommend it strongly.

SOLLIE. Nou begin dit kliek. Twee Apoolse, twee Drommels, en 'n pa en 'n ma. Nou toe nou! (*Aan APOOLS P.*) Apools, jy't hier innie Kaap opgegroeï?

APOOLS P. Nee, ek was by my pa in Jo'burg. Later Pêrel toe getrek.

DROMMEL P. En ek saam met hom.

SOLLIE. Nou staan julle eenkant lat ek kan sien wie's wie.

ADRIANA. Wie van julle het vanmiddag by my gedinner?

APOOLS P. Is ek gewies.

ADRIANA. En jy's nie my man nie?

APOOLS K. Dis ek wat jou man is, my dollie.

ADRIANA (*aan APOOLS K.*). Dan is dit ok 'ie jy wat vi' Lucy gesê het jy's in love met haar nie?

APOOLS P. Nee, is ek. (*Aan LUCY.*) En dis alles true, Lucy. Ek sal dit proef.

LUCY. Ek is nou so excited ek dink dis koebaai met virginity.

MAGIEL. Ha! En daai's die chain wat ek jou gegie 't!

APOOLS P. Dis so, ek denaai niks.

APOOLS K. En dis oor daai chain wat jy my wou koort toe vat.

MAGIEL. Dis so, ek denaai niks.

ADRIANA. En ek het vi' Drommel geld gegie om jou te los, ma' lyk my jy't dit nooit gekry nie.

DROMMEL K. Dis 'n lieg, ek denaai als.

APOOLS P (*haal geld uit sy sak*). Dié geld het ek van jou gekry: Drommel het dit vi' my gebring. Ek begin nou sien hoe die mieksop gekom het.

APOOLS K. Sollie, jy kan die geld net so vat vi' my pa se faain. Daar's nog three cents pasella by.

SOLLIE. Nee, nee, ek dink ons ve'giet ma' dié keer van die faain, so 'n ding heppen nie aldag nie. Hoe sê ek? Kom vat die noot, opskud, lostrek, heit jou lekker ding! (*Almal val uitbundig weg met: 'Daa's 'n kinkel innie kabel . . .', gepaard met vrolike klopdanse wat aanhou tot almal*

behalwe die twee APOOLSE en die twee DROMMELS van die toneel af is.)

DROMMEL P. Apools, moet ek nou ma' weer ons goedjies vannie bus gaan afhaal?

APOOLS K. Wat se goedjies? Ek wiet van g'n bus af nie.

APOOLS P. Dis met my wat hy praat. Ek is jou pël, Drommel, beware of any inferior imitation. Ja, kom ons loep haal die goed voor die ding wegry. Nou bly ons vi' môre se Carnival met die bënd saam. (*Roep jolig:*) ,Wegskoffel, neerver! Nog 'n dop, my pël!' (*Aan APOOLS K.*) Kom help my, boetie Apools. (*Die twee APOOLSE af.*)

DROMMEL P (*aan DROMMEL K.*). Jy lyk sos my spieël, nie sos my broer nie. Jis! Ma' daar's een ding van jou wat ek nie fensie nie en dis jou vrou: dit is mos sieke' jou vrou, daai vette by Adriana innie hys? Ek hou vannie skraletjies wat nie somme' meegee soes doekpoeding en jellie nie.

DROMMEL K. Jy wiet mos hoe dit is: as die liefde 'n man vat, dan lyk flinters soes lint. Ma' kom ons ga' inval by die bënd: daar speel hulle alweer.

DROMMEL P. Loep jy voor.

DROMMEL K. Nee jy.

DROMMEL P. Nee jy.

DROMMEL K. Nee jy.

DROMMEL P. Ons kan toss.

DROMMEL K. Newwermaaind toss. Ek sal jou sê: ons loep tesame. Ek mien: broer en broer het ons innie wêreld gekom, hand aan hand loep ons deur hom. Of hoe?

DROMMEL P. Dis hom. Separate but equal. (*Hulle gaan hand om die lyf af.*)

GORDYN



